DIE KRUISPAD VAN TYD

Ek wil hê die opnemers moet net bietjie wag hiermee voor julle opneem, as julle sal. En goeiemôre, vriende. Ek vertrou dat almal baie voel . . . [Leë kol op band—Red.]

2 Sing ons gewone toewyding, *Bring Hulle In*, almal saam nou: "Bring die kindertjies."

Bring hulle in, bring hulle in,
Bring hulle in uit die sondeveld;
Bring hulle in, bring hulle in,
Bring die kindertjies na Jesus.

3 Amen. Dink julle nie daar is iets baie liefdevol aan 'n ou klein babatjie nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] 'n Kleintjie, daardie klein, blink ogies wat na my kyk. En daar's iets aan hulle wat baie, baie liefdevol is. En hulle is net onskuldige outjies, weet niks van die dinge van die wêreld nie. God het gegee.

4 En, julle weet, daar is iets aan 'n kind, in 'n huis, wat 'n huis aanmekaar bind. Daar is 'n verbinding, met 'n kind. Nou, ek wens ons het meer tyd gehad om te praat oor—oor daardie dinge, oor die kleintjies, en oor verskillende dinge. Maar ons, ons tyd, ons het beperkte tyd.

5 En ons moet nou reguit na die Woord toe gaan. Goed, aan die opnemers, as hulle die boodskap wil opneem vanmôre. En mag God elkeen ryklik seën.

6 Nou, vandag, dink ek daar's niks soos die Woord, die lees van God se Woord nie. Wens dit was in elke huis, waar God se Woord gelees sou word. En ek wil hê elkeen van julle, vanmôre, as julle moontlik kan, selfs wanneer die kleintjies uit hulle Sondagskoolkamers is, om net so eerbiedig as moontlik te wees. Sit stil, en luister terwyl ek probeer, met God se hulp, om 'n Boodskap te gee wat vir my gegee is in die laat ure gisteraand, vir die kerk vandag.

7 Nou, ons Skriflesing word gevind in Joël 2, en Handelinge 2, Joel 2:28. In Handelinge, begin ons by 2:15. Is dit nie vreemd, hoedat hierdie profeet, praat, die 2de hoofstuk van Joël, en die 2de hoofstuk van Handelinge nie: "vroeë en laat reën," Joël het daarvan gepraat in hierdie selfde hoofstuk! Om te praat uit die Handelinge, die 2de hoofstuk, die 15de vers, en 'n verdere deel van die Skrif, lees ons hierdie.

Hierdie mense is tog nie dronk soos julle dink nie, want dis *nog maar die derde uur in die môre.*

Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is;

En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van My Gees uitstort op alle vlees: en julle seuns . . . julle dogters sal

profeteer,. . .julle jongelinge sal gesigte sien, en op. . . die *ou mense sal drome droom:*

En op My diensknegte en op My diensmeisies sal *Ek in dié dae van My Gees uitstort, en hulle sal profeteer:*

En Ek sal wonders wys *bo in die* hemele *en tekens onder op die aarde, bloed en vuur en rookdamp;*

Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed voordat die groot en deurlugtige dag van die Here kom:

En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

Sal ons ons hoofde net 'n oomblik buig vir gebed.

8 Ons liewe, Hemelse Vader, soos 'n groot laken oor hierdie gebou vanmôre, elke hoof wat afsak na die stof van die aarde. In nederigheid buig ons ons hoofde en ons harte, in U Teenwoordigheid. En ons bid, Hemelse Vader, dat die Heilige Gees nou sal kom, in die Woord sal ingaan, en Dit aan elke hart sal gee en soos wat Dit plek kry, en blyplek. Mag Dit honderdvoudig voortbring. God, ons bid dat ongelowiges, vandag, gelowiges mag word. En dat die Christene 'n nuwe houvas sal kry, diegene wat moeg is op die pad. Mag die heiliges aangemoedig word, en mag die siekes genees word. Spreek, Vader. En mag ons gemeenskap hê rondom U Woord net nou, want ons vra dit in die Naam van die geliefde Seun van God, Jesus Christus. Amen.

9 My onderwerp, vanmôre, as ons dit so sou noem, sal die boodskap aan die kerk wees, is: *Die Kruispad Van Tyd.*

10 En altyd, in die vergange dae, het die bedelings altyd aan hulle einde gekom, en ons tref 'n—'n kruispad. Daar is kruispaaie op die hoofweg. Daar is kruispaaie op die paaie waarop ons in hierdie wêreld reis. Daar is 'n kruispad op hierdie ou groot hoofweg waarop ons na die Heerlikheid reis.

11 En, altyd, verg dit die wonderbaarlike om te getuig van die almagtige. Almagtig is die oppermagtige, en dit verg die wonderbaarlike om die almagtige te bevestig. En net die wonderbaarlike kan dit doen. Om die Woord te onderrig is 'n baie goeie ding, en ons. . .dit kom: "Geloof kom deur die gehoor, en die gehoor van die Woord," maar dit verg altyd die wonderbaarlike om te bevestig dat die almagtige steeds lewe en regeer. Ons moet die wonderbaarlike hê. En ek glo dat die Kerk nou op die drumpel staan van die grootste bevestiging van almagtigheid waarvan die wêreld ooit geweet het. Daar was. . .

12 In my ondersoek van die Skrif, vir 'n geruime tyd, het ek sewe groot kruispaaie in God se Woord gevind. En sewe is God se volledige getal. Ons. . .Hy—Hy voltooi in sewes. Hy het ses dae gewerk, en, die sewende, gerus. Die wêreld bestaan in sy heerskappy oor die aarde hier, die Kerk werk vir sesduisend jaar,

die sewende is die Millennium. En al hierdie wiskunde (en) van die Bybel is volmaak.

13 En God is altyd betyds. Partymaal is ons 'n bietjie laat, of ('n bietjie) dink 'n bietjie anders, maar dit word altyd gedoen vir 'n doel. Maar God is altyd betyds met Sy Boodskap.

14 En so, vandag, glo ek dat ons voor 'n groot ding staan wat die Kerk moet weet en verstaan, dat ons behoort te weet waaroor hierdie alles gaan, en dit in God se Woord te vind. Want ek glo, dat, as—as dit nie in die Woord is nie, ek net 'n bietjie skepties is daaroor. Maar as God se Woord daarvan praat, dan God, maak nie saak hoe dit mag verskil met ons manier om dit te leer nie, dis God wat Sy Woord laat geskied. Baiekeer, is dit teenstrydig met ons denkwyse, of miskien die manier wat ons geleer is om te dink, maar ons moet die almag van God herken wanneer dit voor ons gedoen word.

15 Nou laat ons 'n bietjie teruggaan, in ons gedagtes, en bestudeer, net 'n paar minute, vir die laaste paar jaar, wat gebeur het. Ek glo, as 'n prediker van die Evangelie, dat ons net naby die verskyning lewe, vir die tweede maal, van die Koms van die Here Jesus; die tweede terugkeer. . . of die Tweede Koms. Die eerste keer, het Hy gekom as 'n baba. Hierdie keer, kom Hy as Koning van Heerlikheid, om wraak te neem op almal wat nie die Woord van God gehoorsaam nie.

16 En ons glo, met al hierdie groot onrustigheid waarin ons lewe, vandag, soos ons rondkyk aan elke kant, en die koerante optel, en net stilstaan, en ophou met ons alledaagse rep-en-roer van hierdie neurotiese eeu, en uitkyk en die feite in die gesig staar, sien ons, sonder 'n sweempie twyfel, dat iets net omtrent gereed is om te gebeur.

17 En ek glo dat God, nooit, op enige tyd, niks wonderbaarliks, of niks ooit plaasvind, as God dit nie voorafskadu met Sy Woord nie. Dit geopenbaar, dit geplaas, sodat mense wat nie daarin wandel nie, kon. . . voor Hom sou staan, en hy sou moes wees. . . sonder 'n verskoning sou staan, omdat God dit so duidelik gemaak het. Dat, as 'n mens besorg genoeg is daaroor, hy dit sal vind, as jy besorg is.

18 Jy sou nie sop eet met 'n vlieg daarin nie. Nee, meneer. Jy—jy sou nie. Jy sou nie wees. . . Jy sou bang wees om kos te eet wat net nie reg gelyk het nie, en besmet was. Want, jy weet, dit kan jou ptomaïne vergiftiging of iets gee, en jou binne 'n klein tydjie doodmaak. En jy kyk na hierdie liggaam. Maar, daardie siel, jy laat dit die dinge van die wêreld eet, wat jy weet besmet is en net een ding kan doen, jou na die verderf kan neem. Maak nie saak hoe goed jy hierdie liggaam behandel, en watter goeie kos, of hoe dit lewe nie, dit moet na die stof van die aarde toe gaan. Maar daardie siel sal vir ewig, iewers lewe. Ek sal liewer

besmette sop eet, as om my siel te besoedel met die dinge van die wêreld, op enige tyd.

19 Die kruispad! God, altyd, voor hierdie groot kruispaaie kom, of einde van tyd, waar Hy iets nuuts begin, kruispaaie met die oue, na die nuwe, met een bedeling na 'n ander, toon Hy altyd Sy Krag. Die mens, deur die eeue, breek altyd af, en leer weg, en verduidelik weg, en kom weg van die ware lewende God. Maar, net voor Hy 'n kruispad bring en 'n nuwe bedeling ingaan, verskyn Hy op die toneel, met groot wonderbaarlike tekens en wonders. Hy het dit altyd gedoen.

20 Kyk na die eerste vernietiging van die wêreld, die eerste kruispad. Na die wêreld gevorm is, en God die mens op die aarde geplaas het, het die Bybel gesê dat hulle stede begin bou het, groot bouprogramme aangegaan het in die wêreld.

21 Kyk daarna vandag. Jesus het duidelik gesê: "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees in die Koms van die Seun van die mens." Dieselfde ding.

22 Julle let op, hulle het 'n manier gevind om met koper te werk. Hulle het 'n manier gevind om met geelkoper te werk, en met yster, net voor die sondvloed vernietiging.

23 Kyk na die dag waarin ons nou woon, hoe die bouwerk! Hulle het gesê: "Mense het vermeerder op die aarde." Kyk rond na ons. . . selfs ons klein stadjie, en vergelyk hierdie stadjie, 'n paar jaar gelede, van veertienduidend, nou omtrent sewe-en-twintigduisend of meer. Jy kan selfs nie meer 'n plek vind wat skaars groot genoeg is om konyne op te jag nie. Dis alles behuisingsprojekte. Dis reg. Bou! Vermeerder! Vermenigvuldig!

24 En Hy het gesê: "Toe hulle begin vermenigvuldig het, toe het sonde en ongeregtigheid begin inkom." Dis een van die groot kennisgewings, dat ons aan die einde van die pad is; een van die groot tekens.

25 Let op, gedurende daardie tyd, was daar 'n man met die naam van Nimrod, wat uitgegaan en die groot stad van Babilon gebou, en al die stede rondom gekonfedereer het, dat hulle almal saam sou konfedereer. En daar sou een groot stad wees, en dit sou Babilon wees. En hoedat God daardie federasie van wêreldorde verag het!

26 Kyk daarna vandag, dieselfde ding. Konfederasies van arbeid, mense wat hulleself verbind met vakbonde en deur—deur verskillende bande, en deur kerkdenominasie. Dit verstrengel hulle almal, verbreek die skeiding, verbreek die—die gemeenskap tussen verskillende broers. Konfederasie, een van die groot tekens wat God gegee het in die eerste vernietiging, ons sien dit hier verskyn in die laaste vernietiging. Sien julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Let op.

27 En nog iets wat Hy destyds daar gedoen het, ons let dit op gedurende die tyd van hierdie groot onrustigheid, toe die mens se hart koud en weg van God begin raak het, dat vroue so 'n afgod geraak het. "Toe die seuns van God die dogters van die mens gesien het, dat hulle mooi—mooi was," het 'n seksuele orde geword.

28 Kyk daarna vandag, waarin ons lewe. (Praat nie teen eerbare vroue nie. Nee, meneer. Hulle is God se instrumente.) Maar hulle wat nie vir hulleself omgee nie; hoe daar soveel aan die teenoorgestelde kant is, wat rondgaan: "trou, en uitgegee te word in die huwelik." God het so gesê, in die Bybel. Jesus het gesê: "Voor Noag se tyd," aan die einde: "het hulle getrou en is uitgegee in die huwelik." Hoe die groot onrustigheid in die wêreld is vandag! En ons besef dit. En een ding wat dit veroorsaak het, die Bybel het gesê dat die geeste (groot geeste) afgekom het, bose geeste, en in hierdie mense ingegaan het en hierdie dinge gedoen het. En ons sien dieselfde bose geeste in ons dag werk.

29 En let nou weer op, dat nie net dit nie. Wanneer die hele hel losbars, bars die hele Hemel ook los. Wanneer die vyand inkom soos 'n vloed, rig die Gees van God 'n standaard daarteen op. En hierdie twee magte word altyd sigbaar by die kruispad.

30 Nou, soos ons sien dat die tyd toe Nimrod die hele konfederasie byeengebring het, en al die mense na Babilon toe laat kom en laat inkom het in hierdie groot konfederasie, en die tyd van al die boosheid wat aangegaan het tussen die vroue, seksueel, ensovoorts; op dieselfde tyd, het God 'n getuie op die aarde gehad: Henog wat, onberispelik, met God gewandel het. En op dieselfde tyd wat boosheid verskyn het, het engele op die aarde verskyn. Engele-wesens het in die mens inbeweeg.

31 Baie mooi tipe van vandag, ook. Soos wat boosheid verskyn, so verskyn die goeie ook.

32 En let op destyds daar in daardie bose dag, net voor die vernietiging, toe God 'n man daarbuite gehad het wat die Evangelie gepreek het, 'n arm man, nederige man, nie te veel van die wêreld nie, maar 'n man wat 'n hart gehad het om te luister na God; Noag. Daar was Noag en Henog, wat gepreek het, op dieselfde tyd.

33 En as julle sal oplet, oorkant in Openbaring 11, het dit gesê: "Ek sal mag gee aan My twee getuies in die laaste dag," weer twee getuies in die laaste dag, Openbaring 11: "en hulle sal tekens en wonders doen onder die mense."

34 Kyk dan daar terug, terwyl Noag en Henog gepreek het. En Noag het 'n boodskap gepreek wat so kranksinnig gelyk het vir die wêreld. En Noag. . .Hier is dit nou. Noag het 'n ark voorberei, 'n plek van veiligheid gemaak. En dit was op sigself 'n wonderwerk. Hoedat 'n man, op droë grond, waar water nog nooit gekom het nie, 'n ark voorberei het om te dryf op 'n magtige

see wat daar sou wees. En sê: "Dit sou afkom uit die hemele," en waar was dit? "Maar deur geloof," wat op sigself 'n wonderwerk is: "het Noag, gewaarsku deur God, 'n ark voorberei." Sien julle dit? Maak nie saak hoe dwaas dit gelyk het, hoe fanaties dit gelyk het, vir die mense nie; dit was 'n wonderwerk, op sigself, om 'n man te sien hamer. Daardie iets het fanaties gelyk.

35 Dit word weer vandag herhaal. Wanneer manne hamer op die Evangelie van die Here Jesus Christus, die doop van die Heilige Gees preek, besig om mense gereed te maak vir die komende oordele, of 'n skild daarteen. En 'n moderne kerkmense wat lag en bespot, en sê: "Daar is niks Daaraan nie. En die dae van wonderwerke is verby." Dis 'n wonderwerk, 'n kennisgewing by die kruispad.

36 Noag, wat gewerk het, nie alleen het hy gehad . . . 'n wonderwerk gedoen nie, of lyk . . . Hy het ook gesoek na 'n wonderwerk.

37 En die kerk vandag, soos dit arbei vandag met die taak om die Evangelie te verkondig, met tekens en wonders wat volg, berei hulle voor vir 'n wonderwerk: die Wegraping van die Kerk, en die Huis toe gaan. Berei mense voor, maak hulle lig, onbelas van die dinge van die wêreld, en hulle siele gesetel te kry in die Teenwoordigheid van God, dat wanneer Jesus wel die tweede keer verskyn, in die heerlikheid, sal hulle, wat gereed is, weggeraap word en saam weggevoer word, Hom tegemoet in die lug en saam met Hom wees.

38 "Soos dit was in Noag se tyd, so sal dit wees in die Koms van die Seun van die mens; geëet, gedrink, getrou, en uitgegee in die huwelik," al daardie dinge wat julle sien aangaan. Maak oop . . . God skenk, vandag, dat julle oopmaak . . . God julle begrip oopmaak, dat julle kan sien hierdie is kennisgewings. En bonatuurlike wonderwerke wat reg voor ons hang vandag, van die Tweede Koms van die Here Jesus Christus, en ons is by die kruispad. Let op.

39 En soos Noag die mense begin waarsku, en preek het, het baie van hulle vir hom gelag, hom bespot, omdat sy boodskap heeltemal buite begrip was.

40 En vandag, hoe kan mense vandag . . . wanneer hulle sê: "Ons het die beste dokters in die wêreld. Ons het die beste klinieke wat ons ooit gehad het. Ons het al *dit*, *dat*, en die *ander*. Hoekom sou ons nodig hê . . . "

41 Luister. Vandag, het ons Goddelike genesing meer nodig as wat ons dit ooit nodig gehad het. En soos die dae aan, aan, en aangaan, so sal dit meer en meer benodig word. En dit sal gebeur, naderhand, dat as 'n mens nie verseël is met die Heilige Gees nie, dis moeilik om te sê, hy stel homself bloot aan allerhande dinge. "Moenie na aan hulle kom wat die Seël van God op hulle voorkop

het, wanneer daardie verskriklike plae begin val nie." Ons is nou by die kruising, kruispaaie.

42 En soos ons oplet, en vir Noag sien, hoe hy rondgegaan het, die mense gewaarsku het, gesê het daar gaan 'n reën kom. Die mense het nie eers geweet wat die reën beteken het nie. Dit het nog nooit gereën nie.

43 En daar is mense in die wêreld, vandag, wat na tweeduisend jaar van Evangelie prediking, nie weet wat dit beteken om wedergebore te wees deur die Gees van God nie. Hulle weet nie wat almagtigheid beteken nie. Wat? God, wat in Sy groot almagtige krag, 'n siel kan transformeer van 'n—'n straatsondaar, na 'n engele posisie in God se Koninkryk, as 'n seun en dogter van God. Hulle verstaan dit nie. Hulle is te opgeneem, betower met die dinge van die wêreld. Staar, flankeer met die wêreld, en besef nie dat dit 'n bose gees, en 'n groot kennisgewingmerk vir die mense van hierdie dag is, om dop te hou en gereed te wees, nie. Jesus het gesê: "Wanneer hierdie dinge begin gebeur, lig op julle hoof, julle verlossing is naby."

44 Nie net dit nie, maar God het tekens gewys deur Henog, Hy het tekens gewys deur Noag, en die wêreld het daarvoor gelag. Maar, eendag, het daar 'n donderweer en weerlig gekom. Daar het vuur uit die hemel gekom. 'n Weerlig en donderweer het begin brul. Dit was 'n wonderwerk, op sigself. En reën het begin val.

45 Maar hier is die groot wonderwerk. Die wonderwerk was dat hoe God Sy gelowige kind versteek gehad het in die ark van veiligheid. Die heeltyd wat die donderweer aan die gang was, die reën geval het, het Noag gerus in die ark by God, voorbestem, verordineer, om in daardie ark in te loop. Toe die plae geval het, het Noag gerus, in veiligheid; vir wie daar gelag is, het toe in die rus ingegaan.

46 Hulle vir wie hulle uitlag en bespot, vandag, omdat julle begeer om 'n lewe van volle oorgawe te lewe vir die Here Jesus, hulle besef nie dat julle versteek is onder Sy ewigdurende arms nie. Besef nie dat julle net so veilig rus soos julle kan wees, in die Almagtigheid, en niks julle kan skaad nie.

47 Die ark begin . . . die water het begin kom, en die mense het begin skree en huil, en gil en aangaan. En in plaas van die ark wat daar gesit het, het dit reg bo gedryf, die heeltyd, Noag gedra en hom gewieg in die golwe. Sekerlik. Dit was 'n kennisgewing. God het die aarde skoongevee, van sonde. Hy sou 'n nuwe een begin. Die tekens en wonders wat verskyn het voordat Hy dit gedoen het.

48 Let op, tydens die uitkoms, toe God vir Israel bevry het, wat in slawerny was, onder in Egipte. Voordat God een vinger na Israel gedraai het, was die eerste ding wat Hy gedoen het, om 'n bonatuurlike teken te doen, om te wys dat Hy Almagtig was, dat Hy steeds gelewe het. Die priesters en die rabbi, ensovoorts,

van daardie dag, het gedink dat God ophou bestaan het, net soos hulle vandag doen. Maar God is steeds Almagtig, en Hy doen steeds die wonderbaarlike. En hulle het gedink dat Hy ophou bestaan het. Maar reg in daardie midde van die tyd, het God afgekom na ’n lae, nederige familie van Levi, en ’n seun voortgebring, wat die verlosser was.

49 En hoedat klein Moses versteek was in hierdie ark. Wens ons het tyd gehad om daarop in te gaan en dit te verduidelik, hoe hulle hom uitgeneem het buite op die rivier daar. En daar, te midde van die krokkedille, en al die res, die wonderbaarlike gedoen het.

50 Hoe Hy Moses bewaar het, reg in die tyd, hoedat toe hulle gedink het al die dae van wonderwerke verby was. Maar hulle was by die kruispad. Hulle het die Woord gehad. Hulle het Josef se beendere gehad. Dit was alles reg. Hulle was tekens, ja, dat God steeds gelewe en regeer het, en was op een dag. Maar nie net dit nie, maar steeds, behalwe die Woord, het hulle die almagtige God gehad, Wat nie kan faal nie, Wat dieselfde is gister, vandag en tot in ewigheid, Wat onder hulle almal gestaan het.

51 En op die ouderdom van veertig, toe Moses langs die rivier gestaan het . . . of langs die woestyn, het God afgekom in die vorm van ’n Engel. En God het, voordat Hy Egipte vernietig het, en Sy kinders uitgetrek het en die hele bedeling verander het, het Hy op die aarde verskyn en Engele na die armes en die behoeftiges toe gestuur. Hy het tekens en wonders gedoen. En Hy het vir Moses Sy Heerlikheid gewys. Hoedat hy ’n stok kon neem en ’n wonderwerk doen. Hoe hy sy hande in sy boesem kon sit en dit genees, met melaatsheid.

52 Wat was dit? Ons het die veranderingstyd. Ons het die kruispaaie. En die groot onveranderlike God Wat was in—in . . . dis onveranderlik, Wat daardie dinge gedoen het by die kruispaaie van die tyd, die verlede, hoeveel te meer sal Hy nou doen, noudat die ganse hel woedend is, en die endtyd hier is! Hy is dieselfde. Hy faal nie. Almagtige ontmoet die wonderbaarlike. Sekerlik. Die ondeurgrondelike . . . Die onredelike denke van die mens kan nooit die wonderbaarlike verstaan nie. Jy moet kontak maak met die Almagtige. En dan, wanneer jy dit doen, is jy in kontak met die Bonatuurlike. Jou lewe verander, jou denke verander, jou gedagtes verander. Jy word anders gemaak. Jou siekte verdwyn. God se groot Krag beweeg in.

53 Moses, by die bos. Hy het die Almagtige gesien en gehoor, en hy het die wonderbaarlike gesien. God was nie daarmee tevrede om net vir Moses ’n boodskap te gee, om net af te gaan en, alleenlik, vir die Egiptenare te preek, en om te preek vir die Israeliete nie. God, die Almagtige en wonderbaarlike God, was nie ’n—’n God om dit net aan een man te openbaar nie. Maar

Hy het gesê: "Neem hierdie tekens!" Halleluja! "Neem hierdie tekens en wys hulle daaronder. Ek sal met jou wees."

54 Verander! Die kruispad het gekom; tyd vir iets om plaas te vind. Maar voor daardie ding plaasvind, gee God Sy waarskuwing. "Ek is steeds Jehova. Ek lewe nog. En Ek's almagtig. En Ek is die wonderbaarlike God."

55 En hy gaan af na Egipte, hy het sy staf geneem en dit neergegooi, en sy hand genees van melaatsheid, en daardie dinge gedoen.

56 Dan wil ek hê julle moet oplet, elke keer wat die wonderbaarlike gedoen is, is Satan altyd daar om dit te vervals. En net soos hy in daardie dag vervals het, is hy steeds dieselfde vervalser vandag. Selfs sy vervalsings wys net na die endtyd by die kruispad.

57 Hulle het 'n paar ou waarsêers gehad, en daaronder, met die naam van Jannes en Jambres, wat opgestaan het. En hulle kon hulle stawwe neergooi en hulle in slange verander, ensovoorts, en net soos hy maak, hulle het. Maar God het bevestig wie was God. Hulle kon plae bring, maar hulle kon nie Goddelike genesing doen nie, want net God kan genees. En hulle kon 'n sweer bring, maar hulle kon dit nie wegneem nie. God het in Sy Krag daar gestaan, om te wys dat regte Goddelike genesing Sy wonderbaarlike was, om die Almagtige te bewys by die kruispad.

58 Die Egiptenare het die swere opgeroep, maar hulle het self uitgebreek. Maar God se dienskneg kon hulle wegneem. Hoekom? Hulle kan vervals.

59 Ons word geleer, in hierdie laaste dae, dat daar dieselfde ding sou wees. "Soos Jannes en Jambres Moses teengestaan het, so sal hierdie die Waarheid teenstaan; mens van verdorwe verstand, ten opsigte van die geloof." Hoedat hulle sou maak! "Grootpraters, trotsaards; meer liefhebbers van genot as God; verraaiers, ondankbaar. Wat 'n gedaante van godsaligheid het."

60 O, hoe die dag waarin ons lewe, die kruispad; aan die einde van die pad, die einde van die eeu! God bewys dit. Wat 'n wonderlike dag om in te lewe.

61 God het aan hulle bewys, en Homself bevestig, en die eer ontvang. Hoedat Hy daar afgegaan het na Egipte en die volk getref het! Hoedat Hy Israel uitgebring het op arendsvlerke, en tekens en wonders gedoen het, omdat Hy ons Almagtige is. En Hy doen die wonderbaarlike.

62 Voordat Hy Farao se strydwaens gesink het, het Hy elke soort teken gewys. Hy het tekens van Goddelike genesing gewys. Hy gee tekens en alle bevestigings van Sy krag. Hoe Hy 'n oudste seun kon red, of 'n oudste seun kon neem. Hoe Hy kon vernietig, of hoe Hy lewe kon red. Hoe Hy wonderwerke kon

doen. Hy die wonderbaarlike kon doen. En hoe die son en maan donker geword het! Hoe die hael oor die grond getrek het. Hoe die weerlig oor die land getrek en die beeste, ensovoorts, doodgemaak het, net soos dit het in die dae van Noag.

63 En Hy het gesê: "In die laaste dae, sal die maan nie haar lig gee nie, en die son sal nie skyn nie. En sy sal swart word soos 'n sak; drup soos bloed," wanneer sy haar gesig verberg en ween, self, en bloederige druppels van verdriet uitsweet. God sal op die aarde wees, Almagtig, besig om die wonderbaarlike te doen. Sekerlik. Hy kan. Hy is almagtig. Dink daaraan.

64 Daar, daaronder in Egipte, hoe Hy daardie tekens en wonders gedoen het, en die dinge wat Hy gedoen het! Hy is God. Niemand kan Sy plek neem nie.

65 Let op, God het Sy wonderwerk gedoen, en Hy het vir Farao 'n kans gegee. En Farao het gefaal en geweier om sy kans te vat. Daar was niks oor nie.

66 Wanneer 'n man die genade van God verwerp, is daar net een ding oor, dis oordeel. En, my dierbare vriend, vandag, help God ons, wanneer julle die einde van hierdie teks sien kom, en as jy die genade verwerp wat vir jou aangebied word deur Jesus Christus, die Heilige Gees, sal daar niks oor wees behalwe Goddelike oordeel nie. Daar kan niks oor wees nie.

67 Farao het uiteindelik sy dag van genade weggesondig en daar was niks oor nie, want die kruispad was op hande. En God het die tyd by 'n kruispad gebring.

68 Toe Lot en Abraham, 'n ander tyd, toe Abraham die heerser van die wêreld sou wees, sy saad oor die aarde sou versprei. Hy het Lot, sy broerskind, by hom gehad, wat 'n familielid was.

69 En wat 'n pragtige prentjie vandag van die koue, formele onverskillige kerk; teenoor die Gees-gebore, uitverkore, uitgeroepte, afgesonderde Kerk van die lewende God. Hulle woon saam op dieselfde vlakte.

70 Maar uiteindelik het dit gekom by 'n tyd waar Lot sy groot groep geneem het en afgegaan het na Sodom en Gomorra, waar hulle gewild sou wees, waar hulle die beste deel van die land kon neem. En Abraham het in die wil van God gebly en die arm deel van die land geneem. Sara, sy pragtige vrou, en Abraham, het op die arm deel van die land gebly, sodat hulle die Here kon dien.

71 God belowe nie 'n sagte bed van gemak nie. Moenie 'n Christen vervals nie. En moenie die Boodskap vervals, deur vir hulle te sê, dat: "Alles gaan reg wees. Daar's niks wat julle gaan skaad nie. Daar gaan niks wees nie. Is geen beproewings of niks nie." Dis verkeerd.

72 Soos die digter gesê het: "Moet ek op 'n sagte bed van gemak na die Hemel gedra word, terwyl ander geveg het om die prys te wen en oor bloederige seë moes seil?" Nee, meneer.

73 God belowe nie gemak en voorspoed nie. Maar Hy belowe genade, om elke keer uit te hou. Dis die genade waarna ons kyk.

74 Abraham het die pad van God gekies. Hy het bo-op die berg gebly, al was daar nie veel gras vir sy beeste nie. Maar, Lot, 'n tipe van die afvallige wêreld, die kerk wat nie in die wonderbaarlike glo nie. Toe het dit uiteindelik gekom tot waar daardie dinge gedraai het om God, totdat daar 'n kruispad moes kom. Daar moes 'n tyd wees. Want, Abraham was die erfgenaam van die land.

75 O God, waarom kan Christene nie sien nie? "Salig is dié wat rein van hart is; hulle sal God sien. Salig is die sagmoediges; hulle sal die aarde beërwe." Die kruispadtyd is op hande; ons Vader om te wys dat ons aan die endtyd is. Sien? Die wonderbaarlike, die bonatuurlike, die Almagtige wat die wonderbaarlike doen. Kyk na Hom.

76 Soos gedurende die tyd van Abraham, net voor die endtyd, kyk wat plaasgevind het in die wêreld, onder in Sodom, in die groot stad.

77 Abraham het in 'n tent gewoon, wat die erfgenaam van alles was, het in 'n tent gewoon. So geen wonder die digter kon sê nie: "'n Tent of 'n kothuisie, waarom sou ek omgee?" Jy's 'n erfgenaam van alles, as jy in Christus is. God het vir Hom die aarde gegee, en Hy's die Koning. En ons is in Hom, 'n erfgenaam van alles, die almagtige, die bonatuurlike, en by die kruispadtyd.

78 Let nou goed op, soos ons aanbeweeg hier in. Kyk hoe God gemaak het net voor die endtyd.

79 Lot, onder in Sodom. Verdraaidheid was aan die toeneem. Mans het homoseksuele geword, verdraaid, die natuurlike gang van menslike natuur verander in verdraaidhede.

80 Kyk na die wêreld vandag. Die hele ding word 'n verdraaide bedeling. En groot plekke, waar manne gaan om godsdiens te bestudeer, in groot skole. En ek het daaroor gepraat en dit geweet, waar mans nie toegelaat word om met vroue te trou nie, maar dis so verskriklik. En hoedat in skole vandag, in hierdie moderne kerke daarbuite, hoe hierdie groot ding! Mans het gedrink en gerook, en die passie gestimuleer, en jong meisies ensovoorts verkleineer, en begin terwyl hulle nog klein is, totdat hulle regte gang van die lewe verdraaid is. God het hulle oorgegee aan die verderf. En hulle lewens is vermeng totdat hulle nie meer natuurlike mans en vroue is nie. Duiwel het hulle so vasgevang.

81 Kyk na die kruispad daar met Sodom en Gomorra. Kyk na die kruispad in die dae van Noag, getrou en uitgegee in die huwelik. Sien julle die kennisgewing? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wat het gebeur? Op dieselfde tyd, het God 'n profeet op die aarde gehad. [Broer Branham slaan vier keer op die preekstoel.] Voor die endtyd . . .

82 Hier is dit. Luister! Altyd, voor die endtyd, wanneer Satan sy nabootsers loslaat, stuur God Sy profete. En daar word vir ons vertel in die Bybel, dat: "In die laaste dae sal julle jong manne visioene sien, en op My diensmaagde en diensmeisies."

Profete sal weer op die aarde verskyn. Visioen-sieners sal op die aarde verskyn, aan die endtyd. Ons is hier. Ons is by die kruispad. Dis geprofeteer deur al die heilige profete, af deur die eeu, en voorspel deur God se geheiligde Woord. Die endtyd: hoe die Here sou maak, hoe Sy seëninge kon wees, en wat die duiwel sou doen in daardie dae, wat sou plaasvind, die endtyd.

83 God se heiligheid kan nie die boosheid van die wêreld verduur nie. Maar voordat Hy dit na die kruispad toe bring, stuur Hy die rooi flitse van waarskuwing uit. Nie net dit nie, maar voordat God Sodom en Gommora vernietig het, het Hy ook Engele na die aarde toe gestuur, wat hulleself met die mense gemeng het.

84 En voor die endtyd, het God belowe Hy sou Engele stuur. En ons sien hulle. Hulle kom met Boodskappe van almagtige God af. Die kruispadtyd! Nie meer as drie weke gelede nie, om daardie magtige Een daar te sien staan, Wat gestaan het en gepraat het, vandat ek 'n klein seuntjie was. Ek's nie 'n fanatikus nie; julle weet dit. Maar dis om die Skrifte te vervul.

85 Ek dink hierdie kerk behoort die Waarheid te weet, en die teken waar ons is; dat julle nie traag sou wees nie; dat julle op en aan die gang kan wees; dat die verskille bygelê kan word, en julle sal wandel soos regte godvresende mans en vroue, julle harte gevestig op Christus. En moenie kyk in hierdie vervalste goed van die wêreld nie, want dis van die duiwel; al hierdie stryery en oorloë, en bakleiery en verskille. Kyk weg van hulle. Ons is aan die einde. En, onthou, julle mag dalk nie nog 'n week hê om dit in te doen nie. Ek weet nie. Net God weet. Ons is hier aan die einde.

Daar was Noag, in sy tyd.

Hier is Israel, in hulle tyd.

86 Hier is Abraham, by die volgende kruispad, tussen (die—die wêreld) die natuurlike en die bonatuurlike. Engele het afgekom. Hulle het gelyk soos mans. Glorie! En langs Abraham, die profeet, gestaan en vir hom gesê: "Abraham, God gaan die bonatuurlike doen. Omtrent hierdie tyd, volgende jaar, volgens die lewe, sal Ek jou besoek. Jou vrou, 'n honderd jaar oud, en jy sal 'n kind voortbring. Ek sal vir jou My krag, Goddelike genesing wys. Ek sal jou verander, en jou weer in 'n jong man verander. En Ek sal Sara verander, en haar 'n ander persoon maak." Hy sal haar 'n jong vrou maak. "Ek's die wonderbaarlike. Ek's almagtig. Ek doen die wonderbaarlike. Amen. Ek sal vir jou My krag wys. Abraham, ons is by die kruispadtyd. Die bose

geeste is daaronder in Sodom. Ja. Hulle werk in die wêreld daaronder."

87 Hulle werk hier vandag. Jolyt, en glans, en maak wilde grappe, en al hierdie vieslike goed op die radio, televisie, nie eers gesensor of enigiets nie. En verdraai, partymaal, die Evangelie, tot 'n sosiale ding. Die hele wêreld het verdraaid geword. Maar op dieselfde tyd wat die wêreld verdraaid geraak het, het die gelowiges bekeerd geraak, na die Here en die Krag van God, deur die werking en die verskyning van die Almagtige. Hoedat God, in Sy genade, hierdie dinge wys!

88 Gesê: "Abraham," terwyl hierdie profeet onder sy tent gesit het, 'n ou man, op onvrugbare grond. Wat het hy omgegee? 'n Tent, of 'n kothuisie, wat, dit het geen verskil gemaak vir hom nie. Hy was die erfgenaam van dit alles. Alles het aan hom behoort, en hy het dit geweet.

89 So weet die gelowige ook vandag. Wat gee ons om vir hierdie aardse dinge? Dis hoekom ek die dienste gestaak het, nie lank gelede nie, want ek wou nie die mense druk vir offerhandes nie. Ek gee nie om wat mense sê nie, ek glo dat God groot genoeg is om enigiets te voorsien wat Hy nodig het. Ja, meneer. Ek sal liewer soutbeskuitjies eet en rivierwater drink, en die Evangelie verkondig, as om die mooi dinge van die wêreld te hê. Maak nie saak nie, as ons hulle kry om onsself in Sy hande oor te gee, en te soek na die Almagtige. Dis reg.

90 Kyk waar dit is. En ons sien Hom soos Hy aangaan, terwyl Abraham sit onder sy tent, en hierdie Engele aan hom verskyn het.

91 Hulle het afgegaan in Sodom en Gomorra. En ons vind uit dat God, in daardie dag, wonderwerke gedoen het. Hy het vuur uit die hemele gebring en die stad weggevee, en die land skoongemaak, en dit alles vir Abraham gegee. En Lot se vrou het verander in 'n soutpilaar, omdat sy teruggekyk het, as 'n aandenking van skande; wat 'n groot dame onder die verenigings van die stad was, van Gomorra en Sodom. En al die valleie is skoongemaak, toe God die wonderbaarlike gedoen het met vuur en swael uit die hemel.

92 Wat 'n besondere tyd! Watter wonderlike tyd om te lewe! God, in Sy almag! Daar het weer 'n kruispad gekom. (Ek dink ek's gedruk vir tyd, sal moet opskud.) Daar het 'n Almagtige gekom, die Teenwoordigheid weer.

93 Daar was 'n kêrel met die naam van Agab, wat getrou het met 'n meisie genaamd Isébel. Wat, 'n gelowige was aan die begin, Agab, gebore as 'n Jood, besny op die agtste dag, volgens die wet. En grootgeword in 'n godsdienstige huis, om in Jehova te glo, maar verlief geraak op 'n klein flikker-oog dingetjie van 'n afgodedienaar. Dis reg.

94 En, vandag, val goeie Christenmans onder die invloed van sulke onsin en glans, omdat daardie hart nie stabiel was in Christus Jesus nie. Ja. In watter dag lewe ons, wat 'n tyd, die kennisgewings wat hier in die gesig staar.

95 Maar, toe, net voordat God die konfrontasie laat plaasvind het, om te wys wie God was, het daar 'n tyd gekom dat daar 'n profeet in die land ingekom het, met die naam van Elía, wat gesalf was met die boodskap van God. En hy het die wonderbaarlike gedoen en bewys dat Almag steeds wonderbaarlik was. Die profeet het daarbuite gestaan en die hemele gesluit, dat dit nie gereën het in die dae van sy bediening nie. En hy het die reën afgebring uit die hemele en aan die aarde gegee. En Engele het op die toneel verskyn, halleluja, vir hom 'n bietjie mieliebrood gebak wat hom veertig dae aan die lewe gehou het, terwyl hy daarbuite by God in die woestyn was.

96 Engele verskyn in die endtyd. Al die profete en die kennisgewings wys daarna, in hierdie dag, dat engele sal verskyn, profete sal opstaan, tekens en wonders. En as God dit gedoen het vir daardie kruispaadjies destyds daar, wat sal Hy nou doen wanneer die ganse hel losgelaat is? Die hele Hemel sal loslaat, engele wat verskyn, tekens en wonders op die aarde. Die vervalstes staan op. God wat bewys wat reg en verkeerd is. Amen.

97 O, ek is lief vir Hom! Ek is seker julle is, ook. Ek bedoel nie om op julle te skree nie, maar dit brand in my siel, om te dink, hoedat in hierdie dag.

98 Net voordat Hy hulle verlos het, het Hy allerhande tekens en wonders gedoen. Hy het 'n klomp mense soontoe gestuur, om hierdie profeet met geweld te vang. Hy het gesê: "As ek 'n man van God is, laat daar vuur uit die hemel kom."

99 Kyk hoe die vuur kom, elke keer. Kyk hoe profete kom, elke keer. Kyk hoe die wonderbaarlike gedoen word, elke keer. Kyk hoe God Homself bevestig in genesing en magte, elke keer, net by die kruispaaie, nooit tevore nie; reg by die kruispaaie, by die kruispad, verandering in bedeling, verandering in tyd.

100 Nou, vir 'n paar afsluitingstekse, wag 'n oomblik. Ons sal nou aangaan na die—die vyfde groot kruispad, een van die hoofkruispaaie, want vyfde is *vyf*, J-e-s-u-s. Amen. Daar kom 'n tyd wanneer die sondevraagstuk besleg moes word. Daar kom 'n tyd waar die wonderbaarlike Homself ten volle moet laat verstaan word. Daar kom 'n tyd wanneer mense se harte verander moet word, want wette en rigters, ensovoorts kon dit nie doen nie. Die bloed van bulle en bokke kon dit nie wegneem nie.

101 En net voor daardie groot kruispad gekom het, daar het die duiwel uitgekom onder die predikers, gesê: "Die dae van wonderwerke is verby. Daar is glad nie so-iets nie."

102 En, op daardie selfde tyd, het God Engele na die aarde toe gestuur. Daar was 'n ou man daaronder wat 'n huis in orde gehad het, met die naam van Sagaría. Hy het gebid. Eendag, terwyl hy by die altaar was, sy reukwerk gewuif het, voorspraak vir die mense gemaak het, het daar oorkant aan sy regterkant, 'n groot Engel verskyn, wat bewys het dat die groot kruispadtyd op hande was. Hy het vir hom gesê dat hy 'n seun sou voortbring, by sy vrou, wat oud en gevorderd was in jare. En sy naam sou Johannes wees.

103 Johannes het gekom, en die wonderbaarlike verklaar. Johannes was 'n profeet. Die Bybel het gesê, Jesus het Self gesê: "Daar was nooit 'n mens gebore op die aarde soos hy," tot op daardie tyd nie. Halleluja! Hoekom? Hy was 'n profeet, die grootste wat daar was tot op daardie tyd. Want, hierdie was die grootste kruispad wat God ooit met die duiwel gemaak het, toe hulle paaie gekruis het, en daar sou Hy hom stroop en hom beroof van alles wat hy gehad het. Halleluja! Johannes was 'n profeet.

104 Gabriël was die Engel daar, wat verskyn het op kruispadtyd. Glorie aan God! Omtrent drie-en-dertig jaar voor dit gebeur het, het God vroeg genoeg begin, om hulle vooraf te waarsku dat die kruispadtyd op hande was. Die ongelowiges het erger geraak, en dit afgekraak, en daaroor gestry, en probeer wegkom daarmee. En, uiteindelik, elkeen doodgemaak wat hulle gestuur het, en dinge. Maar God het aanbeweeg in die wonderbaarlike, net dieselfde, want Hy's almagtig. Hy moet. Hy is God.

105 Kyk wat nou plaasgevind het, soos ons opbeweeg in hierdie—hierdie episode hier. Soos ons opkom, sien ons Johannes op die rivier kom, en preek. Hy vertel van Een wat sou kom, wat magtiger is as hy; begin preek. Naderhand, het daar niks minder nie as die Almagtige Self verskyn, toegedraai in 'n bondeltjie vlees. Groot Jehova God het Homself geopenbaar in Sy Seun, Christus Jesus. Die Almagtige het vlees geword en onder ons gewoon, onder ons gewandel. Halleluja!

106 Soos Hy op die See van Galiléa geloop het, een aand, oorkant gelê, die klein ou bootjie wat rondgeslinger is, het Hy gemaak asof Hy nie eers enige aandag daaraan gee nie. Hy was moeg. Maar dit het gekom by 'n kruispadtyd; iets moes gebeur. Sy voet op die rand van die boot gesit, en opgekyk en gesê: "Swyg. Word stil." Ek sê julle, die einste Skepper van hemele en aarde het in daardie boot gelê, en die natuur moes Dit gehoorsaam. Wanneer Almag praat, vind die wonderbaarlike plaas. Amen.

107 'n Melaatse vol melaatsheid, het eendag na Hom toe gegaan, gesê: "Here, U kan as U wil, kan my reinig."

108 Hy het hom aangeraak, gesê: "Ek wil. Wees gereinig." En wanneer Almag praat, gebeur die wonderbaarlike. Halleluja! Sy melaatsheid het verdwyn, soos die son wat agter 'n wolk uitvlieg. Sekerlik. Almag praat.

109 Hy het belowe, in hierdie laaste dae, dat Hy weer sou spreek. Wanneer Almag praat, gebeur die wonderbaarlike. Ja, meneer.

110 Let op. Hy het die siekes genees. Hy het die dooies opgewek. Hy het die oë van die blindes oopgemaak. Wat was dit? Aan die mense bewys dat die kruispad daar was. "Ek het die Mag om My lewe neer te lê. Ek het die Mag om dit weer op te neem. Niemand neem dit weg van My nie."

111 Eendag, in Johannes 17, het Hy opgekyk en gesê: "Vader, die uur het gekom." Halleluja! "Die kruispad is hier. Alles is nou voltooi. Alles maak gereed. Die kruispad het gekom. Die wêreld is gewaarsku. Ek het hierdie apostels gesalf, en hulle het tekens en wonders gedoen. Ons het deur die land gegaan. Ons het heen-en-weer gesoek. Die tyd is hier. Die tyd het aangebreek."

112 Broer, as 'n Evangelie-prediker vanmôre, glo ek dat die Heilige Gees, wat vandag praat deur sterflike lippe, van gesalfde predikers, nou spreek: "Die tyd het aangebreek." Tyd is hier, en Almagtige antwoord. Die wonderbaarlike vind plaas; moet; ons is by die kruispad.

113 En, daar, toe Hy al die wonderbaarlike gedoen het, as Almagtige, God gemanifesteer in vlees.

114 "Spreek die woord, Here, en my dienskneg sal genees. My dienskneg sal wees . . . Sal lewe." Hy het geweet. Daardie Romeinse hoofman oor 'n honderd het geweet. Hy was 'n man onder gesag, dat hy geweet het dat, wie ook al onder hom was, moes . . . Wat hy ook al gesê het, hulle moes dit doen. Hy het gesê: "Ek sê vir hierdie man: 'Kom,' en hy kom. En daardie man: 'Gaan,' hy gaan." Gesê: "Ek's 'n man onder gesag. En alles onder my gesag gehoorsaam my. En, Here, ek's nie waardig dat U in my huis inkom nie. Spreek net die woord." Halleluja! Hy het geweet, daardie was Almag. Hy het geweet wanneer die Almagtige gespreek het, die wonderbaarlike sou plaasvind. O, goeiste!

115 Daar het Hy gestaan by die graf van Lásarus, en gehuil, soos 'n man in vlees. Martha het gesê: "Here, as U net hier was, sou my broer nie gesterf het nie. Maar selfs nou, Almagtige, spreek! Wat U God ook al vra, dit sal God doen. Wat U ook al sê, dit sal Hy doen." Daar, het Hy na die graf toe gestap.

116 Almagtige, gemanifesteer hier onder ons, saam met ons gewoon. "God het, in Christus, die wêreld met Homself versoen." Hier het Hy saam met ons gewoon, God wat Homself deur Sy Seun, Christus Jesus, bewys het. Hy was almagtig en wonderbaarlik.

117 En Hy's dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid; en Hy het gesê: "Ek sal julle nooit begewe nie. Ek sal julle nooit verlaat nie. Ek sal met julle wees tot aan die einde van die wêreld." Hoe kan ons na enigiets anders soek behalwe, wanneer Hy spreek,

dat die wonderbaarlike sal gebeur? Hoe kan ons enigiets anders verwag?

118 So hier gaan Hy, af na die graf, aan die huil. En toe het die Almagtige Homself bymekaar gemaak, en Hy het gespreek. "Lásarus, kom uit!" En 'n man, wat alreeds verrot was; sy neus het al van sy gesig afgeval, binne vier dae. Die velwurms het alreeds begin inkom. Verderwing het sy Meester geken. Halleluja! Hy het die lewe van hierdie dooie man teruggegee. En 'n man wat eers dood was, het op sy voete gestaan en weer gelewe. Die wonderbaarlike!

119 "Ek is die opstanding en die Lewe," sê God. "Hy wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe. En wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie."

120 Spreek, Almagtige! Wonderbaarlike sal plaasvind. En Hy doen dit altyd by die kruispad. En ons is by die kruispad. Raak ontsteld as julle hierdie dinge sien gebeur. Ons is aan die endtyd.

121 Almag spreek, en 'n dooie man, dood, het weer gelewe; op sy voete gestaan, en na 'n ete toe gegaan en aandete saam met Hom geëet. O, goeiste! Wat het gebeur?

122 Een glorieryke dag! Ons almal, wat eenmaal dood was in sonde en oortredinge; Almag het gespreek. Ons was oppad hel toe, en Almag het gespreek. Ons het opgestaan uit die hel, na die Heerlikheid, en eendag sal ons die Aandete feesmaal saam met Hom eet op die laaste dag. Almag spreek. God se Woord is almagtig. Ons glo Dit, en het opgestaan uit die dood in die Lewe.

123 "Hy wat My Woorde hoor en in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe. Wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterf nie." Almag!

124 Ons is soos Noag, wat bou aan die ark. Die wonderbaarlike sal eendag plaasvind wanneer die Wegraping kom en Jesus kom. Ons is nou by die kruispad. Wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, lig julle hoofde op, julle verlossing is naby. Almagtige spreek en wonderbaarlike word gedoen.

125 Gesê: "Ons is by die kruispad, Vader. Ek moet bewys Wie U is." En Hy het die dooies opgewek. Hy het die siekes genees.

126 Toe die uur uiteindelik aangebreek het dat Hy moes gaan, het Hy nederig na die kruis toe geloop en is daar vasgespyker, uitgestrek. Hy was nie van die Hemel nie; Hy is verwerp deur die Hemel. Hy is verwerp op die aarde. Na die mense die tekens en wonders gesien het wat Hy gedoen het, het hulle Hom bespot en Hom uitgelag; hierdie sondige goddelose wêreld van sonde. Maar soos die oordeel hom opgelig het, die ark opgelig het, die oordeel van water; so het Jesus ook, met God se oordeel wat oor Hom uitgestort was. Hy het gesterf in ons plek, en is opgelig.

127 En die gelowige rus in Hom, soos Noag het in die ark. Laat die oordele kom, watter verskil maak dit? Sekerlik. Wat? Wat?

Selfs die dood self, het geen grense, het geen pyn nie. "O dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?" Maak my nooit bang om by 'n begraafplaas verby te gaan nie. Ek kan die lofprysinge van God uitskree, want ek weet, en vir ewig lewendig wees in Hom. Sekerlik.

128 Almag het gepraat. Dit het met my hart gepraat. Dit het met jou hart gepraat, en die wonderbaarlike is gedoen. Eenmaal 'n ou lafhartige sondaartjie, miskien 'n . . . soos jy het, 'n dronkaard, of 'n sigaretroker, of 'n hardloper na danse en sulke aanganery. Almag het gespreek, en jy het dit ontvang, en die wonderbaarlike is gedoen; en jy het verander van die dood na die Lewe, en jou sondes versaak! . . . ? . . . Almag het gespreek, en die wonderbaarlike is gedoen. Sekerlik.

129 Daar is mense wat in hierdie kerk sit, vanmôre, wat 'n paar jaar gelede gebind was met kanker, sterwende was. Daar is diegene wat hier sit, wat kreupel en lam was, en swak en uitgeteer. En Almag het gespreek, en die wonderbaarlike is gedoen. Beslis. Sekerlik. Wat is die teken? Ons is by die kruispad. Ons is nou by die kruispaaie. Ons maak gereed om 'n Millennium binne te gaan.

130 Nou kyk, ons het opbeweeg. En toe hulle het, toe hulle Hom uitgestrek het tussen die hemele en aarde, kon die Hemel Hom nie ontvang nie, die sonde van die wêreld het op Hom gelê. En die wêreld het Hom verwerp, as hulle Koning. Daar was geen plek oor vir Hom om te sterf nie. Hy kon nie na die Hemel toe kom nie, want Hy het die sondes van die wêreld op Hom gehad. Hy is gehaat en verag, en op gespoeg, en verwerp en geweier deur die aarde. Maar Hy het tussen hemel en aarde gestaan, en die pad oorbrug. En elke man of vrou wat graag wil, mag kom deur daardie Bloedstroom uit Sy sy, na die Heerlikheid. Almagtigheid!

131 Wat het gebeur? Tekens en wonders het plaasgevind. Wat het gebeur? Die maan het begin huil. Die son het sy oë gesluit en begin huil. En dit het in sulke benoudheid ingegaan, totdat dit stuiptrekkings gehad het, en verander het soos in druppende bloed. Sekerlik, dit het. Toe hulle die Skepper van die hemel en aarde gesien het, geweier deur die aarde. En, soveel sonde, Hy kon nie in die Hemel inkom nie; en gesterf as 'n middelaar tussen God en die mens, gestaan tussen hemel en aarde.

132 Die son kon dit nie verduur nie, gesê: "Ek sal nie meer skyn nie," so teruggegaan. Die sterre het gesê: "Ek kan nie hierna kyk nie." Ja. Die aarde het gesê: "Ek kan dit nie uithou nie," en dit het 'n senuwee-ineenstorting gehad, en rotse uit die aarde uitgespoeg. [Broer Branham slaan vier keer op die preekstoel—Red.] Die wonderbaarlike het plaasgevind! . . . ? . . . Dit was die einde van die pad. Sonde het regeer, tot by die kruis, maar daar is vir sonde betaal daar. O, goeiste! En die aarde het

so hard geskud totdat dit rotse uit sy grond gegooi het, of in die heuwels gehang het. Selfs so hard geskud tot die dooies uit die grafte opgestaan het. Praat van 'n senuwee-ineenstorting! [Broer Branham slaan twee keer op die preekstoel.] En die son het stuiptrekkings begin kry, en uitgedoof. Wonderbaarlike het plaasgevind! Halleluja! Doen dit altyd by die kruispaaie.

133 Kyk wat het daar plaasgevind, en dit het net voorberei hiervoor. Hulle het uitgegaan in die donkereeue, vyftienhonderd jaar. (Wens ons het tyd gehad, maar ons is beperk. Ek wil uitkom teen twaalf.) En let op, daardie, daar deurgekom en die donkereeue. Wens ons het tyd gehad om in die tyd in te gaan, wat gebeur het in die tyd van Wesley en Luther, daardie sesde tyd, dat daar 'n verandering gekom het, toe die kerk bevry is van duisternis en weer uitgebring is na die heerlike lig van die Evangelie. Tekens en wonders! O God, hoe geen man gestaan het nie, en Goddelike genesing en tekens en wonders plaasgevind het. En dit was tussen die offerhande en die Tweede Koms, en kyk wat het toe plaasgevind. Toe John Wesley die Evangelie gepreek het, is hy uit die kerk en dinge uitgeskop, totdat mense op die vloer geval, en hulle water in hulle gesig gegooi het. Het nie geweet wat hulle makeer het nie, flou geval onder die Krag van die Heilige Gees. Tekens, en wonders, en wonderwerke, en genesings, het plaasgevind.

134 Nou, broer, suster, luister. Wat vind nou plaas? Ons is by die endtyd. Ons gaan in die Millennium in; elke hand wys soontoe. Die ou horlosie tik verby, omtrent twee minute voor middernag. Almagtigheid spreek. [Broer Branham slaan vier keer op die preekstoel—Red.] Engele verskyn. Profete kom. Profete profeteer. Visioene word uitgestort op daardie mense van hierdie dag. Die Evangelie word verkondig. Die siekes word opgerig. Die blindes sien. Die dowes hoor. Die duiwels is kwaad. Nabootsers, Jannes en Jambres, is hier. Maar, Almagtigheid spreek. Halleluja! Ons is in die laaste dag. Ons is by die kruispad.

135 "Mense se harte is bevrees; onrustige tye; benoudheid tussen nasies." Die aarde wat so senuweeagtig raak, dat dit aardbewings oral uitbars. Jesus het gesê dit sal so wees. Daar sal aardbewings op verskillende plekke wees. Wat is fout? Die aarde weet sy is gedaan. [Broer Branham slaan drie keer op die preekstoel—Red.] Sy is senuweeagtig. Die wêreld is senuweeagtig.

136 Maar die Kerk ry in die Evangelie. Dis die pad na sekuriteit. "Hy wat na My toe kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie." Halleluja! "As iemand nie gebore word uit water en Gees nie, sal hy in die Koninkryk nie ingaan nie." In die Koninkryk, het jy God se seël van goedkeuring, die Heilige Gees in jou hart. Laat die golwe loop waar hulle ook al wil. Die tye word erger. Almagtigheid is aan die opstaan. Die nabootsers probeer soos dit optree. En allerhande dinge, hulle probeer hierdie doen.

137 En die Bybel het gesê, dat daardie groot finale nabootser sal opstaan daar oorkant en op sewe heuwels sit. Hy sal 'n drievoudige kroon dra. En hy sal krag gee, en het krag gehad, om vuur te laat afkom uit die hemel, in die teenwoordigheid van die mense. Hy sou dit alles doen, dit alles in die laaste dag.

138 En hoedat hulle sou staan en mense naboots, voor die grafte van dooie mense buig, en alles, en bene vryf en alles. Maar, terwyl hulle bene vryf en voor grafte buig, spreek Almag en die wonderbaarlike vind plaas. Hulle sê: "Dis 'n klomp onsin."

139 Maar die Kerk groei, groot genesingherlewings is regoor die land. Tekens en wonders is oral aan die gang. Engele verskyn aan mense. Tekens en wonders is hier. Wat is dit, vriend? Ons is aan die endtyd. Ons is by die kruispad. "Lig op julle hoof," het Hy gesê: "julle verlossing is naby." Sien julle wat ek bedoel? Dis 'n kruispadtyd.

140 "En dit sal gebeur," sê God: "in die laaste dae, dat Ek My Gees sal uitstort. Julle seuns en dogters sal profeteer," profete belowe. "Julle jong mans sal visioene sien. En Ek sal wonders in die hemele daarbo wys," vlieënde pierings en alles. "Groot benoudheid; die aarde sal geskud word met verskillende. . . " Groot aardbewings sal kom, en groot vulkaniese sal plaasvind, en groot probleme, benoudheid onder die wêreld. Die nasies sal vrede probeer vind, met 'n mes agter hulle rug. Daar sal probleme oral wees, al hierdie dinge. En mense sal erger en erger raak.

141 "En wanneer die vyand inkom soos 'n vloed, sal Ek 'n standaard daarteen oprig," die Gees van God. Die kruispadtyd! Die einde van die pad. Afrika brul met 'n groot genesingsdiens. En tekens en wonders wat verskyn, reg rondom die wêreld, oral. Wat is dit? Die kruispad van tyd. Die endtyd.

142 Perdelose rytuie "jaag in die breë weg." Al hierdie verskillende dinge wat Hy gesê het. "Die dogters van Sion, hoe hulle aantrek en wandel." Hoedat homoseksuele en verskillende dinge sou verskyn; hoe, verdraaidheid: "mense oorgegee sou word aan die krag van dwalings," en al sulke dinge soos daardie. Hoe hulle "roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; onversoenlik, kwaadsprekers" sou wees.

143 En een van hierdie dae, my dierbare broer, sal Jesus kom. En hulle wat hamer, aan wat vandag "fanatisme" genoem word, om in die outydse Evangelie van Christus te glo, en die Almagtige wat spreek, die wonderbaarlike wat plaasvind!

144 Hy het gesê: "Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg. In My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale praat; of slange opneem, of iets dodeliks drink, sal dit hulle nie kwaad doen nie; as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." "Hierdie dinge wat Ek gedoen het, sal julle ook doen. Ek sal altyd met julle wees, selfs tot aan die einde." "Wanneer

hierdie dinge begin verskyn, lig op julle hoof, julle verlossing is naby."

145 Julle sien, vriende, net soos dit was in die dae van Noag, in die koms van die Seun van die mens. So is dit in die dae van die verlossing van Israel. So is dit die Seun van die mens by die kruis. So is ons by die kruispad. God wys altyd die wonderbaarlike, doen groot tekens en wonders, genees die siekes, wek die dooies op, dryf duiwels uit, groot herlewingsgees; tekens in die hemel, en op aarde; benoudheid tussen die nasies. Ons is by die kruispad.

146 Wat's die volgende ding? Jesus Christus sal weer kom die tweede keer, in heerlikheid, om hulle almal te ontvang wat dood is in Christus en lewendig in God. God sal elkeen saam met Hom bring. En die sagmoediges sal die aarde beërwe, en die groot Millennium sal begin. En daar sal geen oorloë meer wees nie. Hulle sal hulle wapens opstapel, en hulle vorm. . . hulle spiese verander in snoeihake en ploegskare, ensovoorts. En nasie sal nie meer die swaard teen nasie opneem nie. Daar sal ook nie meer siekte wees, of enige probleme meer, of enige hartseer meer nie. Maar Daar sal ons lewe, in Sy Teenwoordigheid hier, vir altyd en vir altyd.

147 En, al hierdie tekens en dinge, ons is by die kruispad. Ons is by die einde van die pad.

148 Ek is vandag so bly om te weet dat in Christus Jesus, ek my siel geanker het in 'n veilige hawe van rus. Ek is so bly om God te sien, in Sy heilige Woord, wat teken en wonders doen en gee. En om te weet, vandag, voor my kerkie hier, dat ek in staat is om dit te sê, soos ek het toe ek die ander keer uitgegaan het. Julle sal die groot, edele Krag van almagtige God in die almagtige, wonderbaarlike Krag sien, wat die uitermatige oorvloedige sal doen, bo alles wat ons ooit gedink of geglo het. En reg voor die deur nou. En julle sien dat dit bevestig word, reg voor julle eie kerkdeur hier.

149 So, my dierbare vriendjies, moet julle nooit toegee oor Christus nie. Lewe julle vir Hom, deur die kruis. Lig julle harte op, en hou heilige hande op na God. En as die kerk, enigiets, na *hierdie* kant toe, *daardie* kant toe begin gaan, of mense praat of *hierdie* sê, moenie enige aandag daaraan gee nie. Hou julle harte net gerig op die kruis en Christus, en lewe vir Hom. God skenk dit vir julle. Ons is by die kruispaaie, die kruising.

150 Sal ons ons hoofde net 'n oomblik buig, vir 'n woord van gebed. Ek wil hê die suster moet hierdie goeie ou lied speel: *My Geloof Kyk Op Na U*, 189. . .-84, terwyl ons bid. Ek wonder. . . met julle hoofde gebuig.

151 Ons is by die kruispad, vriend. Ons is daar. Al hierdie dinge, hierdie verdraaidheid onder vroue en mans, hierdie groot benoudheid wat julle sien, wat is dit? Ek het dit bewys met die Bybel. Dit was, elke keer, die kruispad. Nooit *voor* die kruispad

nie; altyd *by* die kruispad. Net voor. . .Sien, mense het nou weggekom. Hulle het afgegaan op teologie. "En die dae van wonderwerke is verby." Sien? Julle sien hulle het dit in elke ander eeu gedoen.

152 Maar net voor die veranderingstyd, het God afgekom in almagtigheid en die wonderbaarlike gedoen. Dis hoekom mense van my praat en die dinge sê wat hulle sê. Dis hoekom hulle van alle Christene praat wat dit glo.

153 Maar julle sien wat destyds met hulle gebeur het, wat geglo het? Hulle was beveilig. Abraham was net so veilig as wat hy kon wees. Amen. So was Moses ook; geen plae het vir hom of Israel gepla nie. Dit het ook nie vir Noag gepla nie. Henog is opgeneem voor dit ooit gebeur het, bo-op die trapleunings van die Hiernamaals gestaan, dopgehou hoe dit gebeur.

154 As jy hier is vanmôre, sonder Christus, weet dat jou siel nie reg is nie, terwyl julle julle hoofde gebuig het. Ek wens, voor God, dat julle sou. Ek weet nie wanneer ek weer met julle gaan praat nie. Maar ons is by die kruispad. As jy onthou wil word in gebed, voor God, sal jy net jou hand opsteek na Hom nou? God seën jou, meneer. God seën jou, meneer. Jy, jy. Ja, God seën jou. Baie van julle, dosyne hande.

155 Nou terwyl jy jou hoof geboë hou, wil ons hê die kerk moet hierdie saggies neurie. As jy wil, ons het 'n oop altaar hier, kom en bid net 'n woordjie saam met my, tot God, vir jou siel. Ek sal dit met graagte doen, saam met jou bid.

My geloof kyk op na U, (niks anders as U)
U Lam van Gólgota,
Goddelike Verlosser;
Hoor my nou wyl ek bid,
Neem al my sonde weg,
O laat my van vandag
Net Uwe wees!

Mag U genade groot. . .

156 Bid julle? Vra julle Hom om julle genadig te wees? Bekeer, sondaarvriend. Gee jou lewe net nou vir Hom.

My moed inspireer;
Soos U gesterf het vir my,
O mag my liefde vir U,
Suiwer, warm, en onveranderd bly,
'n Lewende vuur!

Terwyl sy nog 'n versie speel, laat ons nou in gebed wees.

157 Hemelse Vader, wel, ons is nie veel, om mee te begin nie, Here. Ons kom net hiernatoe omdat U ons in ontstaan gespreek het. U het ons gevoed en ons bewaar. Ons wat U aanvaar het, is baie dankbaar, Here, om dit te weet; dat ons eendag verander gaan word, hierdie ou vuil liggaam van vernedering waarin ons woon,

verander sal word en gevorm en gemaak soos U liggaam. Ons rus veilig in hierdie ark.

158 En deur U Woord, vanmôre, deur die Heilige Gees, het Hy die kennisgewing vir die mense gebring. Ons is aan die einde, die verandering. Tekens en wonders verskyn, groot dinge vind plaas. Ons weet, Here, dat ons aan die einde is. Dis hoekom hierdie dinge hier is. Omtrent op enige tyd, sal ons die Here sien kom.

159 En, God, ek bid, U wat die harte van die mense ken. Ek gee aan hulle hierdie offer, hierdie uitnodiging. Hulle kan kom, Here, Hom nou aanvaar. U het gesê: "Hy wat na My toe kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie. Hy wat My Woorde hoor, en glo aan Hom wat My gestuur het, het die ewige Lewe, en sal nie in die oordeel ingaan nie; alreeds oorgegaan na ewigdurende Lewe."

160 Ek bid, Vader, dat U met die harte van die mense sal werk vandag. Hulle nie probeer oorreed nie; ek glo die dag daarvoor is verby. Net die paar wat U oorhet, Here, moet stemmig, verstandig kom, volgens hulle oortuiging, in geloof, Christus aanvaar, en sê dat God na hulle harte toe gekom en gespreek het. Ek bid, God, as U voorheen aan harte geklop het, dat hierdie weer die klop sal wees vandag. As dit die finale is, gee dit, Vader. U Woord is Waarheid. Ons gee Dit nou vir U, Here, dat die Heilige Gees nou sal werk met elke hart, terwyl ons die laaste vers sing.

161 Met julle hoofde gebuig. As jy begeer om na die altaar toe te kom om te bid, sondaarvriend, kom nou, terwyl jy Christus aanvaar. Of julle wat afvallig is, kom net nou en staan by die altaar. Ons sal net saam met julle bid. Goed.

Ek lewens donker doolhof loop, (dis wat julle doen)
En droefheid my omvou, (dood, siekte)
Here, wees U my Gids; (O God!)
Laat duisternis verander in dag,
Vee hartseer trane weg,
Of laat my ooit afdwaal
Van U af weg.

162 Met julle hoofde gebuig. Broer Wood, ek wil hê jy moet jou kop 'n oomblik optel. Broer Cox, jy in die gebou, en Broer Fleeman? Ek wil hê julle moet julle koppe optel, net julle mans. Sien julle wat ek julle vertel het? "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, dat, 'n profeet in sy eie land, onder sy eie."

163 Nou, ons liefdevolle, Hemelse Vader, ons gee hierdie Boodskap aan U, Here, daardie sade is diep in die harte van die mense gesaai; dat een glorieryke dag, Jesus sal kom, en al die heiliges sal vind. Wat, Hy sal, en almal weggeraap sal word en na die Heerlikheid geneem sal word. En watter dag van blydskap sal dit wees, wanneer Jesus, ons Here, terugkeer! Ons besef dat ons so dankbaar is om in hierdie dag te lewe.

164 En, God, ek bely alles, en in die wete dat ons nie in onsself kan lewe nie, Here, maar ons is—ons is sondaars, om mee te begin. En daagliks, vertrou ek op U, in die wete dat ek daagliks sondig, in die wete dat daar daagliks dinge met my gebeur en in my lewe, waarmee U nie tevrede sou wees nie. En ek bely my gebreke en aanvaar U, My Heer, terwyl my eie siel by die altaar lê, vanmôre, by hierdie tabernakeltjie, neergeboë hier, Here.

165 O God, ek het U destyds daar gefaal, met daardie Goddelike gawes, soos U my so wonderbaarlik gewys het daar, nou die aand. En ek's jammer. Ek het bely teenoor U, in die visioen. En nou in my regte. . . In hierdie dimensie waarin ek nou lewe, bely ek teenoor U, my Heer, en vra U dat U my sal vergewe, en my sal help. En deur U genade, wat U my alreeds vertel het dat hierdie dinge nou in die toekoms sou gebeur. In die wete dat hulle sal, daarom, Here, vra ek dat U my siel en my hart reinig, terwyl ek dit vir U gee.

166 O God, moenie net die aarde skud nie, maar die hemele weer. Here, laat ons oorkant in die velde ingaan, waar die miljoene wag, Here, en honger en dors, en ween en smeek, en heidene sterf in duisternis.

167 O God, skud hierdie groot, owerspelige volk van Amerika, wat geval het in dwaasheid, en 'n moderne Sodom en Gomorra. "O jy seun van die môre, hoekom het jy geval?" "Jy het goed aangegaan; wat het met jou gebeur?" Maar, O Jerusalem, Jerusalem, hoe dikwels wou Hy julle versamel het! En so is dit met Amerika vandag, soos die Heilige Gees uitroep in my hart: "Hoe dikwels wou Ek jou 'n brandende fakkel vir die nasie en vir die wêreld maak! Maar, jy het Hollywood aanvaar, jy het die modes van die wêreld aanvaar. En nou is jy oorgegee aan 'n Jannes en Jambres. En hoe jou—hoe jou dag gekom het! Hoedat magtige manne deur die volk gegaan het, hoe hulle deurgekam het vir wat hulle kon kry, en nou trek U weg en gaan weg na ander volke toe." O God, sy sit in die as van haar eie ruïnes. Sy sit op haar eie vat van glansrykheid. En een wonderlike dag, sal die Seun van God, in Sy heilige geregtigheid, geopenbaar word uit die Hemel, waar sal ons dan staan?

168 O God, skenk vandag dat ons harte gevestig sal word in U. Vergewe ons ons baie sondes. En, Vader, seën hierdie predikers wat hier is vanmôre, Evangeliepredikers. O God, mag hulle vandag uitgaan met hierdie Boodskap op hulle hart, en sê: "Ek sien nou die endtyd, die kennisgewing. En ek weet ons is by die kruispad, en dis waaroor hierdie alles gaan. Ek het gewonder hoekom my hart so was, so geroer was vir hierdie laaste paar jaar. Ja, Here. Ja, Here." Mag hulle dit sien.

169 Mag hulle oë oopgemaak word, hulle hier rondkyk en sê: "Ja, hier is dit, ek sien al hierdie bose dinge is tekens." Hulle is bonatuurlike tekens van die vyand. Wel, hy doen groot

wonderwerke. Hy doen groot dinge, soos om selfs vuur uit die hemel te laat val. Ja, hulle het sateliete oral om die aarde. En—en hulle is natuurlike dinge, die vyand wat vuurtekens bring; en al die res, die vals mane en valse sonne, en al die ander dinge.

170 Maar, God, U het hier gesê dat daar tekens daarbo ook sou wees, wat hulle nie sou verstaan nie, en ons lewe om dit te sien. Ek's so dankbaar, Here, so dankbaar vir Christus. En ek bid dat U sal, deur U nederige dienskneg. . . Berouvolle trane op my wange, God, gee ek my lewe vir U, opnuut vandag. En sal U my help, dierbare God, om nederig te bly, en nederige mans om my te hou wat U sal dien, dierbare God, en die werk van God sal doen totdat, Jesus, U die dood sal toelaat om my vry te maak van hierdie tabernakel van vernedering. En dan, Vader, wil ek by U wees.

171 Seën hierdie dierbare kerkie. God, seën ons geliefde pastoor hier, ons Broer Neville, ons dierbare geliefde vriend wat hier staan of dit koud of warm is, of dit maklik of moeilik gaan, en steeds aanspraak maak op hierdie onvervalste Evangelie van die Here Jesus. God, seën hom en sy vroutjie en kinders. O God, mag hy die Evangelie in die harte van die mense inbrand, tot Jesus kom. Seën hom. God gee hom groot krag. Ons het hom lief en weet hy's 'n nederige man en werk vir U. En ek's dankbaar vir hom, Here, om hom te laat met hierdie klein—hierdie klein skaapkuddetjie hier, wat ek eens op 'n tyd hierbinne gehad het. En, God, ek bid net dat U hom sal help om baie ander skape in te bring in die kudde. Skenk dit.

172 Doen dit vir elke prediker wat teenwoordig is. En nie net hier nie, Here, maar regdeur die wêreld, want ons weet dat die dag behoeftig is. Die tekens is hier. Die duiwel het rondgegaan, soos 'n brullende leeu, om vals te beskuldig, en nabootsings, en, maar, God, U rig 'n standaard op daarteen, deur die Heilige Gees, en ons is dankbaar. Seën ons nou, saam.

173 En vandag, Vader, soos ons gaan om vir die siekes te bid, mag U elke prediker hierbinne, opnuut salf. Skenk dit, Here. En mag elke gelowige hierbinne gesalf word, en elke siek persoon gesalf word. En mag, wanneer ons hier uitgaan, mag elke persoon behoorlik gesond gemaak word, en die heerlikheid van God oor ons siele, soos ons bid in Jesus' Naam. Amen.

My geloof kyk op na U,
U Lam van Gólgota,
O Ver-. . . (Kom ons steek ons hande op terwyl
ons sing.) . . . Goddelik;
Hoor my nou wyl ek bid,
Neem al my sonde weg,
O laat my van vandag
Net Uwe wees!

Stadig nou, *Bly By My*.

174 Met ons hoofde gebuig, vertrou ons alle dinge toe aan U; onsself, ons lewens, ons diens. Gebruik ons almal, Here. Mag elkeen gaan met inspirasie, vandag. Mag hierdie 'n dag wees wat ons lank sal onthou, as gevolg van die Heilige Gees wat met ons was en ons geseën het.

175 Nou gee aan die siekes, Here, hulle behoeftes vandag. Skenk dit, Here. Wees genadig, Vader. Doen dit om Jesus' ontwil, bid ons.

176 En nou, groot Leraar, U het eendag vir ons geleer. U het U dissipels geleer, as 'n voorbeeld vir ons almal. U het gesê: "So moet julle bid." [Broer Branham en gemeente bid saam, soos in Matthéüs 6:9-13—Red.]

> . . . *Onse Vader* wat *in die hemele is, Laat U Naam geheilig word.*
>
> *Laat U koninkryk kom. Laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.*
>
> *Gee ons vandag ons daaglikse brood.*
>
> *En vergeef ons* van *ons* oortredinge, *soos ons ook* hulle vergewe wat teen ons oortree.
>
> *En lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die bose: Want aan U behoort die koninkryk, en die krag, en die heerlikheid, tot in ewigheid. Amen.*

177 *Glo Net*, as jy sal, suster.

178 Vir hoeveel moet daar gebid word? Kan ons julle hande sien, wat gebed verlang? Ek wonder as julle 'n ry sou vorm, oorkant aan die regterkant *hier*, soveel as wat kan. En diegene aan *hierdie* kant, staan in die middelste paadjie *hier*, as julle kan. Diegene aan *hierdie* kant, staan in 'n ry aan *hierdie* kant. En diegene in die middelste ry, *hier*. Goed. Kom ons sing nou.

> Glo net, glo net.
> Alles is moontlik, glo net;
> Glo net, glo net,
> Alles is moontlik, glo net.

179 Hoeveel was al ooit vantevore in die diens, 'n genesingsdiens. Laat ons jou hand sien. Almal van julle was. O, goeiste! Almagtige, die wonderbaarlike!

180 Ek wonder. Iets kom nou net by my op, wat net nou my gedagtes verander oor iets. Ek sien hierdie gebedsry sal ons waarskynlik net weer tot drie-uur neem, om klaar te kry daarmee.

181 Waar is Broer Tom Merrideth? Is hy nog hier? Broer Junior Jackson? Albei van hulle, predikers. Julle predikers, Evangeliepredikers, wat in Goddelike genesing glo, kom 'n oomblik hier.

> . . . glo net.

Glo net, glo net.
Alles is moontlik, glo net;
Glo net, glo net,
Alles is moontlik, net . . .

182 Net 'n oomblik, ek wil vir julle iets vra. Want, Broer Cox, en baie van julle hier, weet dat hierdie deel van die week, ek vir julle gesê het ek wil nie 'n genesingsdiens hê, vanmôre, hier nie. Maar ek het 'n paar vriende gehad wat my geskakel het, vir watter rede? Broer Hall het 'n herlewing gehou, 'n genesingsdiens, oorkant by Broer Durban-hulle. En Broer Hall was daar oorkant. Ek het verlede week 'n afkondiging van sy dienste, gemaak. Dis die rede dat ek—ek daardie afkondiging gemaak het, omdat hy ons broer is, en diens hou. En . . .

183 [Party broers in die gemeente begin praat.—Red.] Wel, wel, Broer Hall, is dit jy daar, Broer Hall? Broer Hall is met ons. Goed. Broer Hall, sluit jy af, vanaand, broer? Ek sien. Broer Durban is oorkant die rivier. Hulle hou genesingsdiens. Ek ken Broer Hall, 'n gawe broer, gesalfde dienskneg van die Here.

184 Ek wonder, Broer Hall, wel, as dit nie te veel gevra is nie, sal jy saam met ons staan, vanmôre, vir gebed, vir die siekes, by ons? Ek haat dit om 'n prediker te plaas, wat so gebid het; as jy net hier sal staan, en jou teenwoordigheid by ons, om te—te bid vir die siekes.

185 Kom ons sê: "Dank die Here vir Broer Hall." [Gemeente sê: "Dank die Here vir Broer Hall. Amen."—Red.] Hy hou 'n diens oorkant by Broer Durban-hulle, hierdie week. Baie van julle het dit seker al bygewoon. En ek het Broer Hall liefgekry toe hy nou die keer hier was. En toe soveel sukses gehad, die Here het hom baie sukses gegee met gebed vir die siekes. En ek hoor hy was al 'n paar keer hier, om vir die siekes te bid. En, Broer Hall, wil jy 'n woord sê aan die mense, enigiets op jou gedagte? Goed, meneer. 'n Goeie diens gehad hierdie week, Broer Hall? Ons is so bly dat jy hier is.

186 En nou julle siek mense . . . Nie net dit nie, hierdie predikers hier, ons is almal opgelyn as 'n fort, wat glo in Almagtigheid. Ons glo dat God almagtig, in hierdie laaste dae, van wonderwerke doen, en die siekes en beproefdes genees, en ons sien Sy alomteenwoordigheid presies doen wat Hy gesê het Hy sou doen. Ons is vanmôre hier om vir julle te bid. En ek glo dat God dit sal doen.

187 En net 'n oomblik. [Iemand praat met Broer Branham—Red.] Broer Jack Oakey, hier van die Herlewing Sentrum? Wel, ons sal bly wees om jou te hê, Broer Jack Oakey, waar jy ook al is. En my broer het my pas kom sê van 'n Broer Jack Oakey. Is jy in die gebou? Dan, wel, kom jy—jy net reguit op saam met ons, Broer Oakey, waar jy ook al is.

188 En ander predikers, wel, ons is net bly om julle te hê. As julle glo in genesing, kom hier. Dis ons opdrag om hierdie dinge te doen, en te bid vir die siekes en die beproefdes. Dis baie goed.

189 Broer Oakey, waar. . . Is dit Broer Oakey wat hier staan by jou? Nee. Oakey, Oakey, ek's so. . . Huh? Sê wat? [Iemand praat met Broer Branham—Red.] Goed, die evangelis. Waar is jy, komaan, predikerbroer, reg op hiernatoe, gemeenskap te hê. O, goeiste! Dis wonderlik. Kom reguit op. Wat's jou naam, broer? [Die broer sê: "Broer Jack Arkly."] Broer Jack Arkly. Ons is bly om jou by ons te hê, Broer Jack.

190 Nou, dis net goed en gaaf. Julle kan mekaar se hande skud, soos julle hier verbykom, en mekaar leer ken.

191 En nou hier is wat die Here ingestuur het vir ons, vanmôre, om te bid vir hierdie mense, en sommige van hulle in sterwende toestand. Die dame wat hier reg agter staan, met die wit hoed, het kanker. Daar is 'n man wat hier voor my staan, wat kanker het. En daar's baie—baie verskillende dinge. Hier's 'n dame hier met 'n gebreekte enkel wat nie genees nie. Ons het, o, baie—baie dinge hier. 'n Dame wat hier sit met artritis, in 'n rolstoel. Sy glo dat God haar gesond gaan laat word. Ons glo dit, ook.

192 Nou, broers, die enigste ding wat ons kan doen is bid. Is dit reg? [Die broers sê: "Amen."—Red.] Bid net. Ek's net 'n bietjie te swak vandag om te gaan in daardie. . . ?. . . Julle sien, ek's net. . . Ek het hard gepreek.

So, kom ons buig nou ons hoofde.

193 Ek gaan broers vra, of elkeen sal kom. En vir ons 'n plek sal maak net hier reg voor, hier, sodat ons kan bid vir hierdie siekes. Ek sal reguit afkom saam met julle. En ons gaan bid vir die siekes, en die ander laat deurgaan, en vir elkeen bid. En elkeen van ons lê hande op die siekes en glo dat God hulle gaan gesond maak. Glo julle dit, broers? [Broers sê: "Amen."—Red.] Wat daarvan, Broer Hall, glo jy dit met jou hele hart? Goed. Dit gaan gebeur.

194 Laat ons nou, as julle sal, uitglip, langs die kant, die trappe daar, my broers, as julle sal. En maak vir julleself 'n klein rytjie net daarlangs nou. Ek sal begin—begin hieronder, en ons sal bid.

195 En ons wil hê die hele kerk moet by ons aansluit. Sal julle dit doen, vriende, terwyl ons vir hierdie siekes bid?

196 Nou, julle mense, daar is goeie evangeliste hier, en predikers van genesingsveldtogte, wat hier is om vir julle te bid vanmôre. En ons is bly om die diens nou oor te gee aan gebed vir die siekes.

Kom ons bid nog 'n keer.

197 Vader, in Jesus' Naam, ontvang ons nou. Ons vra die Heilige Gees om oor ons te kom en ons te seën, en vir ons dit te gee waarvoor ons vra vandag. Mag die groot almagtige krag van God op ons inbeweeg net nou. En mag die Shekinah Heerlikheid, O

God, wat gewoon het onder die oorvleuelende vlerke van die Gérub, mag Dit onder die oorvleuelende arms van die kruis inkom, en op ons kom, vandag, Here, soos ons kom onder verwagting vir die Krag van God. Ons bid hierdie seën oor die mense. Mag nie een, nie een, faal nie, maar mag elkeen genees word. In Jesus Christus' Naam. Amen.

198 Nou, Broer Neville, as jy die olie kry en aan die voetenent van die plek staan hier, terwyl ons begin. Kom ons probeer vir die dame op die bed, eerste, dan af soos daardie, dan tree ons net reguit agtertoe en laat die ander deurkom. Goed. Die Here seën nou.

Almal in gebed nou. Wees nou in gebed.

Goed, broers, hier. Kom ons bid vir haar genesing.

199 Ons Hemelse Vader, ons suster wat hier lê, sy sal op hierdie bed wees vir die res van haar lewe. Maar, ons glo vandag, Vader, terwyl sy hiernatoe gekom het om voor gebid te word. En ons, U broers, wat glo dat U hierdie vir ons sal doen, ons bid nederig en vra in Jesus' Naam, dat U hierdie—hierdie toestand van haar sal wegneem. Verskaf die kalsium vir daardie voet, haar been, of wat gebreek is. En ek bid, genees word, en in staat sal wees om rond te loop, God te verheerlik. Met hande op haar, vra ons hierdie seën in Jesus Christus' Naam. Amen.

200 Vader, God, soos ons hier staan by die altaar vanmôre; en hierdie ons gekleurde suster. In die wete dat eendag, terwyl Jesus die kruis gedra het, bo na die Kruisberg, by Gólgota, Hy geval het onder die gewig van die kruis. En daar het 'n gekleurde man verbygekom, en dit gedra; dit opgetel, Hom gehelp om dit verder te dra, geloop in die bloederige voetspore van die kruis. Hier is een van sy dogters wat hier sit vandag, Here, wat gepynig, siek is, wat vandag in hierdie stoel sit. En sy sou gewees het, haar hele lewe lank, as U nie genadig sou wees, Here, meer as die dokter nie. Maar sy nooit . . . ? . . . En ons bid . . . ? . . . In Jesus' Naam, dat jou been genees sal word. En mag sy loop en heeltemal gesond gemaak word, in Jesus Christus' Naam. Amen.

201 Nou, julle, voel julle enigsins anders . . . ? . . . of nie? Kom hier. Begin net. Staan op jou voete, of wat jy ook al wil. Dan wil jy wees . . . ? . . . sê: "Ek het opgestaan en geloop deur die gebou" . . . ? . . .

202 Ons Hemelse Vader, my broer, my vriend, my vennoot wat ek so lank geken het, het my geskakel oor die telefoon, nou die aand: "Gevind, die dokters sê vir my daar's geen hoop nie." Die krag van kanker, wat sy lewe sal neem.

203 Dierbare God, U ken die man se hart. As daar enigiets teenstrydig met U wil is, vandag, enigiets, mag dit nou vergewe word. Mag, vanmôre, hierdie einste uur, my Broer Carl na U toe kom, en gee ten volle, 'n lewe van oorgawe . . . ? . . .

204 God, as U . . . Die dokters kan niks doen vir hierdie dinge nie. Maar U is die enigste Een Wat daardie lewe daaruit kan beweeg, daardie kwaadaardigheid laat . . . ? . . .

205 En U Wat in heiligheid woon, U Wat woon in . . . U is die Shekinah Heerlikheid. U is die almagtige. Ons bid dat U dit sal doen vanaand, as 'n getuienis van U Woord, van die krag van die herrese Jesus. Ons bestraf daardie kanker, op . . . ? . . .

206 Vader, God, ons vra nou vir ons suster, vra dat sy verlos word van . . . ? . . . affekterings, ensovoorts. En, nou, Here, bid opreg, maar U wil, dieselfde Christus . . . ? . . . Ek lê hande op haar, Here! . . . ? . . .

207 Dierbare God, ons lê hande op hierdie, ons broer, wat daagliks voor my staan, sy gebed het dit oorgesteek, sy gees het dit oorgesteek, en hy kyk na—na die sonsondergang. O God, so het Abraham ook, 'n honderd jaar oud; met hom gepraat en gesê: "Ek is die El-Shaddai." O God, U is die almagtige. En ons bid, God, dat U die wonderbaarlike sal doen en hierdie ons broer, sal genees in Jesus' Naam. Amen. Amen. Vader . . . ? . . .

208 Ons Hemelse Vader, as gesalfde predikers van die Evangelie, staan vandag . . . ? . . . Soos 'n gemeente vergader het in die vroeër dae, en na Pinkster het hulle bymekaargekom en gebid. En, Vader, ons vergader, as gelowige broers, en al die mense. En ons het gevra dat die mense vergader; hulle het. Ons vra dat hy weggaan van hierdie jong man af, vandag. Mag jou nooit weer pla nie. Hy weet . . . ? . . .

209 Vader, ons lê hande op ons suster, en vra dat, in Jesus' Naam, dat U hierdie siekte in haar liggaam sal bestraf, en haar volkome gesond sal maak. Wanneer sy in hierdie ry mans afgaan, wy haar lewe toe aan U, Here, in die geloof; uitgeroepte, afgesonderde lewe, van die dinge van die wêreld, en die koue, formele kerke, om in die regte Evangelie in te kom. Ons vra in Jesus' Naam, Wat gee volgens wat ons Hom gevra het. Amen.

210 In Jesus' Naam, lê ons hierdie sakdoek, Here, voor U, en vra vir haar dogter se verlossing.

211 Vader, ons lê hande op ons suster, soos sy deur hierdie gebedsry gaan, deur te vra dat U haar sal verlos van hierdie siekte in haar liggaam. Soos ons hierdeur gaan, hande op haar lê, Here, heilig beide gawe en . . . ? . . . Here. Skenk dit. In Jesus' Naam, vra ons vir haar genesing. Amen.

212 Vader, God, ons lê hande op ons suster, vra dit in Jesus' Naam. En sy gaan deur hierdie ry mans . . . ? . . .

213 Vader, God, ons lê hande op ons broertjie, en vra dit in Jesus' Naam, dat U sal genees enige . . . ? . . .

214 Vader, God, ons lê hande op ons suster, en vra dit, in Jesus' Naam, dat U haar liggaam sal genees en haar heeltemal gesond sal maak. Skenk dit.

215 Vader God, ons lê hande op ons broer, en vra dit in Jesus' Naam, dat U hierdie liggaam sal genees. Soos hy deur hierdie ry predikers gaan, bid ek, God, dat die Shekinah Heerlikheid, sal . . . ? . . .

216 Ek kan hande lê op ons dierbare, geliefde broer, en vra, soos hy hierdeur gaan, dat hy deur daardie Louteringsolie sal gaan, waarvoor hy in gebed is.

217 Vader, ek lê hande op suster, en vra, deur Jesus Christus' Naam, dat U haar sal genees en haar sal gesond maak.

218 Vader, God, ons lê hande op ons suster . . . ? . . . soos ons hande op haar lê, in Jesus' Naam, U Seun. Amen.

219 Vader, God, ons lê hande op ons broer . . . ? . . . siektes, Here.

220 Hê nou geloof, soos hulle verbygaan. Hulle is gesalf met olie, soos die Woord geleer het.

In Jesus' Naam . . . ? . . .

221 Vader, God, ons lê hande op ons suster, Here, soos sy in hierdie ry afgaan. Met . . . ? . . . haar hartsbegeerte . . . ? . . .

222 Vader, God, ons lê ons hande op ons broer, en vra vir sy genesing.

223 [Broer Branham se woorde word hier net gedeeltelik gehoor, en is nie genoeg om die hele gedagte wat uitgespreek is, te druk nie. Gebedsry gaan hier voort vir drie minute-en-vyftien sekondes—Red.]

224 Het julle dalk opgelet, vreemd? Ek het vanmôre gepreek oor "die kruispaaie." Kyk na die kruispad hier . . . ? . . . hierdie ry mans.

225 [Gebedsry gaan hier voort vir ses minute—Red.]

226 O God, die Almagtige! Skenk dit, Here, dat die Gees en krag op ons suster sal kom, haar volkome sal gesond maak. Ons bid, in Jesus' Naam, soos sy afgaan verby hierdie predikers, mag sy heeltemal gesond wees vanaand. Amen.

227 [Gebedsry gaan hier voort vir vyf-en-veertig sekondes—Red.]

228 Vader, in die Naam van Jesus, bid ons oor hierdie sakdoek, dieselfde as wat geneem is van die liggaam van Paulus. En ek roep . . . ? . . . Bid, God, dat sy gesond gemaak sal word, vanmôre, in Jesus' Naam. Amen.

229 Dierbare geliefde, vriend, in die Naam . . . Wag, hier is 'n dame wat kom om voor gebid te word. Ja, kom reguit op hiernatoe. Julle broers . . .

230 Ons dierbare Hemelse Vader, ons lê hande op ons suster. En ons is so dankbaar vir haar beterskap. Mag haar geloof nou nie wankel nie. En . . . ? . . . in Jesus Christus' Naam . . . ? . . .

231 Nou wat het ons gedoen? Wat die Here gesê het. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

232 Ons is bly om ons besoekende, predikerbroers by ons te hê, al hierdie vriende. Sê: "Amen," julle almal wat . . . [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wel, julle is beslis welkom om terug te kom, my dierbare broers, om by ons te wees. En vandag, gaan ons dit net omtrent maak, om—om betyds uit te wees. Ons is bly julle was hier. En, my broers, ek bid die heeltyd vir julle. En bid julle vir my, waar julle ook al gaan, en bid nou, soos ek weer uitgaan op die veld. En mag ons ons paaie, keer op keer, kruis.

233 Onthou, Broer Oakey, ek mag . . . Ek onthou net sy geliefdes daarbuite in—in Kalifornië. Is dit Dr. Oakey, van die . . . [Broer Oakey sê: "Nee."—Red.] O, die ander Oakey. Ja, meneer. En ek—en ek weet daar's baie Oakey's daarbuite. Ek het net nie geweet met watter een hy verbind was nie. Ek ken Dr. Oakey, die tandarts, julle weet. En dan, en—en so . . . Is jy familie van hom, ook? ["Hy's my neef."] Jou neef. Wel, dis baie mooi. Goeie man!

234 Nou, wat het ons gedoen aan julle mense hier? Hier is wat dit is. Ons sou nie hier staan en hande lê op die siekes as ons dit nie geglo het nie. Ons het die mense rondom ons gesien vandag, wat net hier in hierdie gehoor sit; die mense het kanker gehad, blind, kreupel. Laat ek julle net iets wys, as daar vreemdelinge hier is. Hoeveel is genees hier, wat so was, deur God? Laat ons julle hande sien opgaan. Dis, blindes, kankers, en alles, sien. Sien? Hy sal vir jou dieselfde doen. Sien? Nou, ons doen dit, soos dié: ons glo ons gebed.

235 En nou na die afsluitings een, voor ons die diens oorgee aan ons Broer Neville, onthou die dienste vanaand. En vanaand, as daar enigiemand is wat—wat julle ken, geliefde wat nie vanmôre ingekom het om voor gebid te word nie, Broer Hall, hier, is by Broer Durban-hulle. En dit sal wees . . . En wat's die adres, broer? [Broer Durban sê: "Ek ken nie die adres nie."—Red.] Wat? ['n Ander broer sê: "Sewentiende en Mark."] Sewentiende en Mark, in Louisville, waar hulle 'n genesingsveltog hou. En dis die einste rede waarom ek bang was om diens te hou. Ek—ek—ek haat om in 'n plek in te gaan waar iemand 'n—'n—'n genesingsveldtog hou, en iemand een begin. En dis die rede waarom ek gesê het wat ek het oor nie . . . oor die dienste vanmôre, is uit respek vir Broer Hall by Broer Durban-hulle, want hulle is albei baie dierbare vriende van my.

236 En ons wil nie 'n genesingsveldtog hier hê, terwyl Broer Hall een daar oorkant aan het nie. Ek's seker daarvan. En, so, ons is lief vir hom.

237 En nou, Broer Oakey, waar is jy, broer? [Broer Oakey sê: "Veertig-dertig Mark Wes."—Red.] Veertig-dertig Mark Wes. Die ander broer daar by jou, julle saam? Goed. Nou dis by dertig . . . veertig . . . ["Veertig-dertig Mark Wes."] Veertig-dertig, veertig-

dertig Mark Wes, Louisville, nog ’n veldtog. En so hoe lank gaan jy daar wees, Broer Oakey? [“Preek heel week daar.”] Hierdie hele volgende week. Dis goed. Nou, almal van julle wat siekes het, dertig . . . veertig, Mark Wes. [Gemeente sê: “Veertig-dertig Mark Wes.”] Ja. Een-en-veertig op Mark Wes. Goed. Dis goed. Nou is daar . . .

238 Ek sien nog ’n paar predikers. ’n Broer hier, het jy ’n veldtog aan iewers, meneer? Nee. Nee. Ja. Wel, dis baie goed. Dis gaaf.

239 En hierdie broer, hier, is ’n—’n sendeling na die Jood, glo ek, is hy nie? En ’n sendeling na die Jode. Ek dink hy woon in New Albany. En so is ons baie bly om te hê . . .

240 Het ek een gemis? Is daar nog iemand iewers? Ek—ek hoop ek het nie; ek bedoel nie om dit te doen nie. Natuurlik, Broer Junior Jackson, julle weet waar hy is in New Albany.

241 Broer Tom Merredith het ’n uitsending. Het jy ’n kerk, Broer Merrideth? Geen kerk nie. Dis net ’n uitsending. Hy het dit ’n paar minute gelede aangekondig.

242 En Broer Neville wat diens hou hier vir julle mense, hierrond, vir vanaand, en vir hierdie komende Woensdag, en deur die week. En sy—sy dienste, sy uitsending, is op Saterdagoggend. Goed.

243 Voel almal goed? Sê: “Amen.” [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Goed, vriende. Maak dat jy wil aansluit by hierdie goeie, groep gelukkige predikers, en die Evangelie gaan preek, en bid vir die siekes, ook. God gee dit vir julle, vriende.

244 Die jong man daar wat uit ’n wrak uitgeslinger was net onlangs, het ’n stuk hoekyster gehad, wat regdeur sy sy gesteek het, deur die man geklief het, en so aan die anderkant uitgesteek het. ’n Dierbare, biddende moeder! God het hom gespaar vir ’n doel. Vandat sy my vertel het, het ek gedink . . . Vanmôre, het ek hom ontmoet soos ek by die saal ingekom het. Hy het my hand geskud. Ek het gesê: “Is jy nie die seun nie?”

245 Hy het gesê: “Ja, meneer.” Gesê: “Geroep na die bediening.” God wees genadig! Nou, my dierbare broers . . . Net as ’n jong man, sit daar met ’n bruin jas aan. Mag God gee dat hy ’n brandende lig sal word, terwyl ons by die kruispad is, seun. En, verkondig die Evangelie, verkondig die volle Evangelie, verkondig die hele Woord van God, en moenie toegee vir enigiets nie. Staan net daar op jou pos. God sal ’n groot soldaat van jou maak.

Nou, kom ons bid nou hierdie een finale gebed vir die siekes.

246 Ons Hemelse Vader, ons dank U vir hierdie jong man ook, vanmôre, Here. En terwyl hy daar sit vanmôre, luister na die Woord, en hierdie predikers sien met hulle brandende harte, soos hulle hande op die siekes lê, soos hulle deur hierdie ry gegaan het. Die getuienisse hier te sien, van mense wat hulle hande opgesteek het, wat genees is van kanker, en blindheid, en doof en stom,

en kreupel. Dit—dis ’n uitdaging. En ons kyk af deur hierdie salige ou Woord, en Dit het gesê hierdie dae sal hier wees, en hier staan ons. Ons sien die almagtige God met Sy uitgestrekte arm, en tekens en wonders wat kom. Ons hoor die gedruis van oorvloedige reën in die lug. Ons weet dat ons in die groot dag van die laaste reën is.

247 Wanneer, Satan gebind en in die put gegooi sal word, gebind met ’n ketting van omstandighede, dat hy nie meer kan uitkom en volke mislei nie. En ’n duisend jaar, Millennium heerskappy, sal plaasvind op die aarde terwyl ons ons Here Jesus verheerlik, en Hom beklee; Hom kroon: “die Koning van die koning, en die Here van die here.”

248 Hierdie ou sondige aarde sal oopbars, een van hierdie dae, wanneer die atoomkragte losgelaat word, en die waterstowwe sal. En elke see, en die waters, sal . . . Die see sal ween totdat dit droog is. O God! En die son sal nie meer skyn nie. En die maan sal nie sy lig gee nie. En die sterre van die hemel sal val soos ’n ontydige vyeboom, wat geskud word deur ’n magtige wind. En mense sal uitroep na die rotse en die berge. En wat gaan hierdie lewetjie dan werd wees?

249 Dan sal die dooies in Christus opstaan. O, wat ’n paradys! Nasies sal nie meer die swaard opneem teen nasie nie. Ons sal ook nie weer ’n gebedsry vir die siekes hê nie.

250 Vandag is die dag van verlossing. En, Vader, ons het hierdie mense na U toe gebring. En ons het U gevra, in Jesus’ Naam, Wat hierdie gesê het: “Vra die Vader enigiets in My Naam, dit sal gedoen word.” Nou, ons, dis nie ons gebed waarin ons geloof het nie. Dis Sy uitnodiging, waarin ons geloof het. “Vra die Vader enigiets in My Naam, Ek sal dit doen.”

251 Nou, Satan, jy wat so boos was, en hierdie mense gebind het, en die dood op baie van hulle geplaas het, en hulle kreupel gemaak het, en hulle verblind het, en allerhande boosheid aan hulle gedoen het, jy’s verslaan. Jy’s verslaan, want ons het gedoen net wat Jesus gesê het om te doen. Daarom, kyk ons geloof nou en sê vir jou: “Verlaat die mense. Kom uit hulle uit, in Jesus’ Naam! . . . ? . . . En mag elkeen gesond wees, deur Jesus Christus’ Naam.

Prys die Here! Glo nou.

Ek kan, ek sal, ek glo nou wel;
Ek kan, ek sal, ek glo nou wel;
Ek kan, ek sal, ek glo nou wel
Dat Jesus my nou genees.

Ek neem Hom op Sy Woord;
Ek neem Hom op Sy Woord;
Hy bring vir my verlossing vry,
Ek neem Hom op Sy Woord.

Ek kan, ek sal, ek glo nou wel;
Ek kan, ek sal, ek glo nou wel;
Ek kan, ek sal, ek glo nou wel
Dat Jesus my nou genees.

252 Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Met my hele hart! Broer Saul, glo jy dit? [Iemand sê: "Amen."] Glo jy God sal dit doen, Broer Tony? [Iemand sê: "Amen."] Amen. Suster Snyder, glo jy dit? [Iemand sê: "Amen."] Suster, glo *jy* dit? Glo *jy* dit, suster?

253 "En geloof is daardie vaste vertroue van die dinge waarop gehoop word, die bewys van dinge wat nie gesien kan word nie." Deur geloof het ons die groot mure van Jérigo sien val! Christus lei jou deur geloof. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Amen. Ons glo dit. Moet nooit 'n sweempie van twyfel hê, ooit nie. God sal dit voltooi. Almagtig! Dis so seker! Ek moet dit net volg. "Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Amen. Is Hy nie wonderlik nie? [Gemeente sê: "Amen."]

254 Nou, sal ons ons hoofde buig net 'n oomblik vir die verdagingsgebed. Ons sal vra . . . Maak 'n sirkel rondom, vir 'n tydjie van gemeenskap. Ons sal vra of Broer Neville, of hy nou sal opkom hiernatoe, terwyl ons almal ons hoofde buig vir 'n woord van gebed. Terwyl ons eers neurie, met ons hoofde gebuig:

Ek kan, ek sal, ek glo nou wel;
Ek kan, ek sal, . . .

255 Onthou net, Hy is reg langs jou. Hy is daar om die werklikheid te bring. Voel nou net Sy Krag wat in jou inkom. "Ek kan?" Natuurlik, kan jy.

Ek sal Hom op Sy Woord neem;
Ek sal Hom op Sy Woord neem;
Hy bring vir my, verlossing vry, (by Gólgota)
En ek sal Hom op Sy Woord neem.

256 Terwyl ons nou ons hoofde buig. Broer Neville, met wat jy wil sê.

Die Kruispad Van Tyd AFR56-0115
(The Junction Of Time)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 15 Januarie 1956, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2019 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org